# KREATIEWE PREDIKING

deur

JOHANNES LODEWYK SWANEVELDER

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die vak

PRAKTIESE TEOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF HJC PIETERSE

JUNIE 1999

## Opsomming

Prediking is 'n dialoog. Dit dompel die preek in 'n direkte krisis. Wat kan die prediker doen om hierdie dialoog te bevorder?

Die deelnemers in die erediens word kortliks bespreek. **God** spreek met die **prediker** deur die **teks**. Die prediker moet hierdie teks aan die **hoorder** in die erediens oordra.

Om die oorspronklike teks te verstaan het daar drie hoofstrome in die tradisionele hermeneuse ontstaan: Krities-histories, Tekskrities en Hoorders hermeneutiek. Die probleem is egter nie opgelos nie. Hoe kan die prediker die boodskap effektief aan die hoorder oordra?

Daar word voorgestel dat die kreatiewe proses gebruik word in die voorbereiding van die preek. Die breinkaart kan gebruik word om die teks en hoorder van die teks, beter te verstaan.

Hulpmiddelle moet gebruik word om die teks aan die hoorder oor te dra. Hier word die gebruik van literatuur en drama bestudeer.

251.03 SWAN

0001760631

## Summery

Preaching is a dialogue. This states the current problem of preaching. How can the preacher improve this dialogue in the sermon?

The participants in the sermon are shortly discussed: The **preacher** listens to the **text.** God spreaks through the text. The preacher must communicate this text to the **listener** in the sermon.

Three major streams have evolved in the tradisional hermeneutics: Critical-historical, Textual and Listeners hermeneutics. There is however, still a problem. How does the preacher present this message effectivly to the listener?

It is suggested that the creative process must be considered in preparing a sermon. The mind map can be used to understand the text and listener of the text better.

More aids can be used to reach the listener effectivly. In this thesis the use of literature and drama in the preparing and delivering of the sermon will be studied.

## Key Words

Preaching, dialogue, creative process, literature, drama, imagination, mind map, communication, presenting a sermon.

**Inhoudsopgawe**

**1. Inleiding: Kreatiewe prediking: Probleemstelling, Hipotese en Metode.**


1.1.1 Probleemstelling 1
1.1.2 Hipotese 5
1.1.3 Metodologie 6

**Hoofstuk 1: Tradisionele hermeneutiek: op soek na 'n weg om die Bybel te lees.**

1. Kreatiewe prediking 8
2. Hoe moet ons die Bybel lees? 9
2.1 Die sender 10
2.1.1 Die histories-kritiese metode 10
2.2. Die teks 11
2.2.1 Teksimmanente eksegese 11
2.3 Die hoorder 12
2.3.1 Resepsie-kritiek 12
3. Korrekte metode? 12
4. Nuwe poging tot eksegetiese verstaan van die teks 13
4.1 Afbakening van die teks 13
4.2 Vertaal van die teks 15
4.3 Makrokonteks word gelees 15
4.4 Luister aandagtig na die teks 15
4.5 Historiese oorsig 17
4.6 Ontdek die literêre waarde van die teks 17
4.7 Teologiese verkenning van die teks 18
4.8 Die sprong na vandag se hoorder 18
5. Samevatting 19

**Hoofstuk 2: Kreatiwiteit: 'Aha' vir die eksegese**

1. Inleiding 20
2. Die kreatiewe proses 22
2.1 Wat is kreatiwiteit? 22
2.1.1 Die inval van kreatiwiteit 22
2.1.2 Voorbereidingsfase 24
2.1.3 Inkubasiefase 24
2.1.4 Illuminasiefase 25
2.1.5 Verifikasie 25
3. Kreatiwiteit en die preekproses 25
4. Bewustelike kreatiewe proses 28
4.1 Die breinkaart 29
5. Die stryd: breinkaart versus tradisionle hermeneutiek 32
5.1 Die tradisionele hermeneutiek 32
5.2 Die toets van die breinkaart 33
6. Samevatting 35

**Hoofstuk 3: Die taal: Woorde wat die hoorbare, sigbaar maak**


1. Kreatiewe taal as skepping in die prediker se mond 37
2. Kleur die preek in 38
3. Verbeelding/Fantasie 42
4. Die kortverhaal en die preek 44
5. Preekvorme 45
   5.1 Die homilie 45
   5.2 Die teks-tematiese 46
   5.3 Die naratiewe prediking 46
   5.4 Die Poëtiese preek 48
6. Samevatting 49


**Hoofstuk 4: Woorde wat sigbaar word**


1. Inleiding 50
2. Drama en die lewering van die preek 52
   2.1 Instrumente van God 52
   2.1.1 Om 'n preek te praat 53
   2.1.2 'n Preek te "plant" 55
3. Samevatting 57


**Hoofstuk 5: Kreatiewe drama in die erediens**


1. Inleiding 59
2. Bibliodrama in die erediens in die plek van prediking 60
   2.1 Bibliodrama in die erediens: 'n oorsig 61
   2.2 Effektiwiteit van drama in die erediens 62
3. Drama en die prediking 63
4. Samevatting 66
5. Konkulsie 67

**Bronnelys** 69

# 1. Inleiding

## 1.1 Kreatiewe prediking: Probleemstelling, Hipotese en Metode

### 1.1.1 Probleemstelling

Die erediens is 'n dialoog. Oor die kommunikasie wat tydens die erediens plaasvind is daar reeds baie gedebateer en geskryf. Tot onlangs is die erediens gesien as 'n *liniêre kommunikasie* waarby die boodskap deur die prediker (sender) in die erediens deur die prediking (medium) na die hoorder (ontvanger) gaan. Die fokus van hierdie kommunikasieveld in die erediens was dus die prediker en die preek of boodskap (Vos 1995:153). So het die prediker daar uitgesien. Min moeite is gedoen om die ontvangs van die boodskap te kontroleer. Die hoorder is selde of nooit in ag geneem nie. "Vandag word die erediens, en in besonder die prediking as dialoog beskou. Die Protestantse erediens het 'n dialogiese grondstruktuur. Dit beteken dat God in die erediens spreek en dat die gemeente antwoord" (Vos & Pieterse 1997:7).

In hierdie studie is die **doel** nie om na die kommunikasie waarde van die prediking te kyk nie, maar eerder **om die dialogiese karakter van die prediking mee te help en aan te wakker, sonder om te veel aan die reeds bestaande struktuur en liturgiese orde van die erediens te verander**.

In die erediens gaan dit om 'n ontmoeting met God. "Prediking is 'n Pneumatologiese woordgebeure, waarin 'n geroepe bedienaar van die Woord, via kommunikasie ervaring met 'n skrifteks, die gemeente in hulle konkrete situasie begelei tot ontmoeting met die lewende God" (Dreyer 1989:365).

In hierdie **ontmoeting met God** word die *hoorder* van die preek nie meer as 'n passiewe toeskouer beskou nie, maar eerder as 'n aktiewe deelnemer aan die ontmoeting. Die erediens is soos 'n drama waarin die prediker en gemeentelid, teks en liturgie elkeen 'n rol vertolk in die ontplooiing van die intrige: die intrige van God se Woord. Indien elke akteur/rolspeler nie sy rol ten volle vertolk nie, val die spanningslyn plat. **Die probleem** in die erediens is juis dit: **Indien elke rolspeler nie aktief deelneem aan die verkondiging van die evangelie en die ontplooiing van die erediens nie, kom die evangelie, en die verkondiging daarvan nie tot sy volle reg**

**nie, en kan die hoorder en prediker uit die kerkgebou stap sonder 'n bevredigende *ontmoeting tussen God en mens.* Dit is hierdie "ontmoetings teleurstelling" wat die prediking in 'n krisis dompel.** Om hierdie krisis te oorkom, het daar vele teorieë rondom die kommunikasie in die erediens ontstaan.

Soos reeds genoem is daar begin by die *Liniêre benadering* waar kommunikasie nog gesien is as iets wat een persoon aan 'n ander doen. Hier word kommunikasie voorgestel as die proses waar 'n sender deur middel van 'n kanaal (gewoonlik taal) 'n gevoel of gedagte aan 'n ontvanger oordra. Indien die hoorder hierdie boodskap ontvang en verwerk en 'n gewensde reaksie volg, sou die kommunikasie geslaagd wees. Volgens Vos (1995:154) is daar hoofsaaklik vier komponente in die kommunikasieproses. Die **bron** waaruit die boodskap gestuur word, die **boodskap** wat oorgedra word, die **kanaal of medium** waardeur en waarlangs die boodskap gestuur word en die **ontvangs** van die boodskap. Dié vier komponente van die kommunikasie-proses kan van mekaar onderskei, maar nie geskei word nie. Om al hierdie komponente gelyktydig in ag te neem, skep probleme. 'n Verdere probleem is die bepaling van die belewenis van die hoorder tydens die preek. Vanaf die hoorder vind baie min terugvoer plaas. Gebruiklik is daar na 'n preek 'n aantal mense wat die prediker bedank vir sy preek, maar dit is nie werklik sinvolle terugvoer nie. Wat werklik van die preek word, en hoe die hoorder dit ontvang en ervaar, bly verswyg. Die terugvoer van 'n preek kan dus nie suksesvol gemeet word nie.

Vandag word die teorie rondom kommunikasie in die erediens as *handelend kommunikatief en simbolies interaksioneel* gesien. In die *kommunikatiewe handelingsteorie* word die totale kommunikasieproses in ag geneem. Hierdie teorie het sy oorsprong by Habermas wat meen: "die sentrale uitgangspunt is dat die menslike samelewing gesien moet word as 'n netwerk van kommunikatiewe handelingspatrone" (Pieterse 1993:94). Die kommunikatiewe handelingsteorie word as volg beskryf: "Die gemeente as kommunikatiewe ruimte is dus dialoogkerk waarin die verskillende interpretasies van die evangelie in die eie situasie in kommunikasie met mekaar gebring word - dus 'n gemeente in "*Kommunikative Koexistenz*". Die probleem van pluraliteit in die kerk, wat hier kommunikatief opgelos word, is 'n aanduiding van die behoefte aan intense kommunikasie in die gemeente tussen God en mense en mense onderling. Van hierdie kommunikasie is die Gees die Subjek. Hy skep die ruimte vir menslike vryheid en kreatiwiteit" (Pieterse 1993:134).

In die erediens as dialoog gaan dit om gespreksgenote wat in vryheid en op gelyke voet saam soek na betekenis en sin in hulle lewe.

Die doel van hierdie studie is nie om na die rolspelers in die erediens te kyk nie. **Hierdie studie wil eerder 'n denkproses aan die gang sit waar die preek en preekproses verlig word met behulp van die kreatiewe fase en kunsvorme.** Dit is egter nodig om slegs kursief die rolspelers in die erediens te noem.

Die **prediker** is hoorder onder die hoorders. "As die prediker beoog om die hoorder in die dimensie van geloof aan te spreek, dit wil sê in die dimensie van 'n eksistensiële waarheid kan die prediker nie 'n persoonsvreemde ampsrol verteenwoordig nie, maar moet hy self hierdie eksistensiële subjektiwiteit verteenwoordig" (Vos 1995:133). Die evangelie is nie 'n objektiewe waarheid nie maar raak die hoorder en die prediker aan. Die prediker weet nie *meer* alleen nie, maar weet eerder *saam* ('n mede-weter). Ons ontdek saam die teks. Ons ontmoet mekaar en God saam in die teks en in die erediens. Ons is mede hoorders in die erediens. Dit word egter vooraf gegaan deur 'n hoorproses wat ons soms miskyk: Die eerste hoor van die teks. Die prediker is die eerste hoorder van die boodskap. Die hoorproses begin wanneer die prediker in verhouding met die teks tree. Die kommunikatiewe band tussen die prediker en die hoorder berus nie net op die uiterlike en oppervlakkige nie, maar ook op die intelektuele en emosionele grondslag (Vos 1995:159-166). Die prediker se hele persoon en persoonlikheid kommunikeer met die hoorders. Dit is dus belangrik dat die preek 'n persoonlike stempel van die prediker bevat. Die preek bevat hierdie eienskap slegs wanneer die teks die hart van die prediker aangespreek het. Die preekboodskap moet eg wees. Wanneer die prediker die preek intens en self ervaar, sal die hoorder volg (Müller 1982:56).

Die fokus vanaf die teks na die prediker is die **hoorder**. Die hoorder is nie maar net 'n meganiese en passiewe ontvanger nie. Die hoorder *hoor* die preek. 'n Goeie luisteraar sal tydens die preek net soveel inspanning en energie in die gebeure insit as die prediker. By die hoorder vind daar 'n bepaalde proses, naamlik die luisterproses, plaas. Hier selekteer die hoorder die inligting en memoriseer dit na die beste van sy/haar vermoë. Hierdie seleksie tydens die luisterproses vind plaas op grond van die hoorder se eie ervaringe, opvattinge en lojaliteite. Die hoorder het dus 'n voorverstaan vóór die kommunikasieproses in die preek begin (Pieterse 1991:105). 'n Mens

luister na dit wat aanklank in sy leefwêreld vind. Die hoorder moet ten volle in ag geneem word in die verstaanproses van die teks en die oordrag van wat gehoor is toe daar na die teks geluister is.

Die hermeneutiek het ook, soos die ander elemente in die kommunikasieproses, drastiese veranderinge ondergaan. In hierdie studie sal daar gepoog word om die kreatiewe proses wat lei tot die "aha-erlebnis" en die teksverstaan en oordrag daarvan, bymekaar te bring.

Die **preek** is die *derde gestalte* van God se woorde. Volgens Barth is die eerste gestalte Christus waarin God se woorde vlees geword het, die tweede is die Skrif waarin God se woorde in mensewoorde opgeneem, is en die derde is die preek. Die preek is die kanaal waardeur God se woorde na die mens kom. Wanneer dit waar word, naamlik dat die preek 'n derde gestalte van God se woorde word, dan is die preek 'n groot waagstuk (Dingemans 1991:34). In die Skrif gaan dit oor die selfopenbaring van God. God is tegelyk die Subjek sowel as die Objek van die openbaring. Dit gaan nooit in die prediking oor die mens self nie. Die woorde van God kan in die preek gehoor word indien die teks in die preek funksioneer. Die preek is 'n religieuse handeling wat aanspraak maak op die hoorder. God is teenwoordig in die erediens en kom in die preek aan die woord. Dit gaan egter nie net om die Woord nie, maar ook om die sosiale aspek van die mens wat, die verstaansproses van die teks kenmerk.

Die opvatting dat dit in die preek slegs gaan om die verkondiging van die Woord is debateerbaar. Hoe sou ek byvoorbeeld 'n tiener wat blootgestel word aan die hedendaagse *mega*trends, sowel as 'n bejaarde persoon in dieselfde erediens, aanspreek?. In hierdie studie gaan daar gepoog word om die prediker te help om die aanbieding van sy preek en die teks, met kreatiewe hulpmiddele oor te dra, sodat die totale kommunikasiesirkel van die self, bewussyn en samelewing in ag geneem word. Hier gaan dit nie om 'n redenasie waarin die Christendom verval, wat meen dat die Woord maar die boodskap moet dra nie. Die prediking, as derde gestalte van God se woord, vereis dat ons oòk in die oordrag van die teks, verantwoordelik moet optree. Vir 'n "eerstehandse" God, kan nie "tweedehandse" eksegese en hermeneutiek plaasvind nie.

Die liturgie moet ook as rolspeler in die ontplooiing van die evangeliedrama in die erediens gesien word. **Liturgiek** is 'n handeling in die erediens, dit is 'n viering van God se

teenwoordigheid. Godsdiens word in 'n bepaalde ruimte geplaas: die liturgie van die erediens is deel van die handeling in die preek. Dit is deel van die verstaan van wat die prediker sê en wat die hoorder hoor van die teks. Dit is deel van die kommunikasie*handeling* van God. Liturgie is aanbidding en *ervaring* van die teenwoordigheid van God. Die prediker wil tog hê dat die hoorder die preek, en in 'n breër lig gesien - die erediens, *ervaar*.

Die hoorder van die boodskap moet eers in dieselfde stemming as die prediker daarvan gebring word om die kommunikasievlak te verhoog. Liturgie is die orde waarin die erediens verloop. Dit is een van die hoogste vorme van diens aan die medegelowige, want waar hande gevat word in aanbidding voor die lewende God en almal daaroor eens is, word werklik 'n diens aan die medemens bewys. "In die erediens gaan dit om twee partye wat mekaar feestelik ontmoet. God nader tot sy gemeente, maar die gemeente nader ook tot sy God" (Müller 1992:9). Die geskrewe liturgiese orde van die erediens, kan vergelyk word met die partituur van 'n orkes-uitvoering. Die partituur is onontbeerlik vir 'n suksesvolle uitvoering, maar om van 'n uitvoering 'n sukses te maak benodig dit 'n verskeidenheid ander meewerkende faktore. Dit behels die samewerking van die orkeslede, hulle onderskeie musikale talente, en 'n integrasie van alle meganismes met die doel om die partituur tot sy reg te laat kom. Liturgie is die diepste uitdrukking van die gemeente se geloofsvisie en geloofservaring en groei saam met die self, die bewussyn en samelewing. Net soos 'n goeie partituur nie 'n waarborg is vir 'n goeie uitvoering nie, so is die geskrewe liturgiese orde nie 'n waarborg vir 'n goeie liturgie nie, maar eerder die geestelike lewe en geloofsdiepte van die liturg en gemeente (Müller 1987:34).

**1.1.2 Hipotese**

Wanneer die prediker bewus is van al die aspekte in die erediens, probeer hy/sy outomaties om die dialogiese aard van die erediens ten volle te benut. Sommige val sommer met die deur in die huis, ander trap versigtig rond, en ander bly maar eerder van hierdie proses weg. Rondom ons het ons soveel hulpmiddele wat ons kan help om hierdie dialoog tussen hoorder, prediker en teks aan te wakker en mee te help. Ons is ook bewus hiervan.

Die *probleem* is egter dat ons nie altyd oordeelkundig te werk gaan met al die media en beskikbare hulpmiddels in en om ons nie. Die gevolg is dat die erediens maar 'n tweedehandse poging word waar die hoorder blootgestel word aan onafgeronde en amateuragtige pogings om 'n

boodskap oor te dra, die evangelie te verkondig. "...one could some up by saying that the modern Christian world and what is known as evangelism is marked, in the area of the arts and cultural endeavor, by one outstanding feature, and that is the addiction to mediocrity" (Scheafer 1993:23).

Die vrae wat in hierdie studie gevra sal word is: Hoe pas kreatiwiteit en hermeneutiek by mekaar; watter metodes kan gevolg word om kreatiewe eredienste te bevorder met behulp van die kunsvorme tot ons beskikking; kan die prediker met behulp van die kunste kreatief die beeld wat oorspronklik bedoel is in die teks, oordra; hoe kan ek die tradisionele preekvorm kreatief vernuwe ?

Die **hipotese** van hierdie studie is dus:

**Die prediker, as deel van die kommunikasieproses, wat in die erediens plaasvind, tussen hoorder, prediker en teks, word genoodsaak om die media en ander tegnieke te gebruik in die erediens wat die dialogiese karakter van die prediking aanhelp. Die eerste bykomende tegniek wat voorgestel gaan word is die gebruik van die breinkaart by die tradisionele eksegese. Verder gaan daar gepoog word om ander media effektief in die erediens te gebruik. In hierdie studie die kunsvorme: letterkunde en drama. Hierdie media sal meehelp tot die *kreatiewe formulering* van die preek.**

### 1.1.3 Metodologie

Die metode van hierdie studie gaan vanuit die veronderstelling dat die prediking 'n dialogiese karakter het, en dit vanuit die kommunikatiewe handelingsteorie. In die erediens vind 'n handeling plaas. Aan die hand van 'n literatuurstudie en 'n kritiese analise daarvan, sal die probleem ondersoek word.

Die verloop van die ondersoek is om te kyk wat die kunswêreld die prediker bied. Kuns bied 'n estetiese ervaring aan die toeskouer/toehoorder. Hoekom dan nie ok hierdie ervaring in die erediens toepas nie? Dit kan moontlik die dialogiese kommunikasie proses vanuit die hoorder in die erediens meehelp. Wat is die kuns en hoe kan dit in die erediens aangewend word? Die studie wil nie kuns voorhou as die antwoord tot die huidige kommunikasieprobleem in die erediens nie,

maar eerder poog om 'n 'n oplossing te vind vir die dilemma van die prediker om die dialogiese aard van die erediens ten volle te benut.

In hierdie literatuurstudie gaan krities gekyk word na die kreatiewe proses en die hermeneutiek en hoe die twee in mekaar pas, die prediker se rol in die hermeneutiese verstaan van die teks en asook haar/sy kreatiewe vermoë. Verder sal daar gekyk word na die letterkunde en drama se bydrae tot kreatiewe prediking.

**Die metode is dus 'n literatuurstudie, 'n kritiese interpretasie daarvan en logiese argumentering.**

HOOFSTUK 1

# TRADISIONELE HERMENEUTIEK: OP SOEK NA 'N WEG OM DIE BYBEL TE LEES

## 1. Kreatiewe prediking

"Kreatiwiteit is die uitdrukking van God se skepping in my hande, oë, verstand - in my hele wese. Om te skep is die uitdrukking van 'n persoon se goddelikheid, om sodoende sy daaglikse stryd om oorlewing te oorkom" (Schmidt 1985:11).

Dit plaas die preek amper direk in 'n krisis. Indien dit waar is wat Schmidt sê dat: "kreatiwiteit die skepping van God tot uitdrukking bring", beteken dit dat die preek (wat 'n ontmoeting met die Skepper God is), wat week na week *geskep* word, ook 'n kreatiewe proses moet wees.

Dit dwing die prediker om weer stil te staan by die preekproses. Wat is die preekproses? Is die bekende metode om by die prediking uit te kom vandag nog werkbaar? Wat is die prediking?

Prediking wil die Woord van God by die hoorder verstaanbaar maak. Dit wil die mens *inlei* in 'n wêreld wat tasbaar is, wat vrae vra en antwoorde soek. Meer nog, dit wil die hoorder *begelei* om in die wêreld te gaan leef volgens die wil van God. Dit streef dus daarna om die wil van God te openbaar.

Hierdie geweldige verantwoordelikheid is dalk die rede hoekom prediking al vir baie jare onder die spervuur kom. Niemand sal die prediking as onaantasbaar en volmaak wil beskryf nie. Te gou en te maklik word daar negatiewe kritiek oor 'n preek uitgespreek. Hoekom? Wat kan aan hierdie situasie gedoen word? Male sonder tal is die versugting dat die prediking vervelig is, geen effek of kreatiwiteit het nie.

Om 'n oplossing te vind vir hierdie preekkrisis moet 'n prediker begin by die oorsake van hierdie probleem. Dit kan op verskillende plekke gesoek word. Basies kom dit neer op twee terreine: i) die inhoud van die preek, waar veral die hermeneutiese aspek belangrik is en ii) die vorm van die preek, waar preekvorme, strukturering en kommunikasie die aandag vra. Dit gaan dus om die

*wat* en die *hoe* van die prediking (Kellerman 1993:175-6). Inhoud en vorm is die twee basiese elemente van die preek. Die een kan nie sonder die ander nie. Die inhoud van die Woord bepaal die inhoud van die prediking - die wat en hoe kan dus nie van mekaar geskei word nie (Pieterse 1985:170). Daarom kan die verwaarlosing van die 'hoe' op die lang duur ernstige gevolge hê vir sowel die frekwensie as die omvang van die 'wat' (Rossouw 1980:8, Van Zyl 1987:61). Dit het implikasies vir die prediker. Wanneer die eksegese van die teks afgeskeep word, sal dit noodwendig die formulering van die preek beïnvloed. Die vraag bly egter: Is die bestaande eksegetiese metode om by die formulering van die preek uit te kom, voldoende?

Hoeveel maal bevind die hoorder hom nie in 'n preeksituasie waar hy/sy uit die preek stap en nie werklik 'n boodskap kan huis toe neem nie? Talle redes kan hiervoor aangevoer word. Alhoewel die redes 'n veralgemening is, kan daar gesê word dat sommige predikers nie hard genoeg aan hulle eksegese werk nie, ander is uit voeling met wat in hulle gemeenskappe aangaan, sommige predikers is oneffektiewe sprekers, terwyl ander 'n klomp teologiese begrippe aanmekaar vleg. Hoe dit ook al sy: prediking is in 'n krisis.

Die doel van hierdie studie is om te poog om die moontlike probleme by die prediking op 'n kreatiewe wyse te oorbrug. In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die *inhoud (wat)* van die preek.

**2. Hoe moet ons die Bybel lees?**

Hierdie vraag kan 'n eindelose debat ontketen. Dit is tog nodig om 'n paar inleidende opmerkings te maak oor die hermeneutiese verstaan van die Bybel. Wanneer ons hierdie hermeneutiese verstaan eers bestudeer het, is dit moontlik om 'n kreatiewe sprong te probeer maak om die gaping tussen tradisionele hermeneuse en die hedendaagse hoorder te maak.

Die tradisionle hermeneutiek het homself besig gehou met die *metode* van teksverklaring. Een van die oudste reëls in die hermeneutiek is: die geheel van die teks moet verstaan word deur sy onderdele. Verder word die onderdele weer in die die lig van die geheel gelees (Dingemans 1991:69). Hierdie metode veroorsaak 'n interpretasiesirkel. Hier word die semantiek van 'n gedeelte getoets in die perikoop se geheel. Die betekenis van die geheel word getoets in sy onderskeie perikope. Vos (1995:224) voeg 'n tweede dimensie by hierdie interpretasiesirkel: Ons

het sekere vrae nodig waarop die teks of kunswerk antwoorde kan gee. Die vrae kan vanselfsprekend in die verstaansproses verfyn of selfs gewysig word. Maar sonder enige vrae is ons nie in staat om ons eie akte van lees of kyk te struktureer nie.

Nog 'n opvatting in die tradisionle hermeneutiese verstaan is dat 'n teks verskillende betekenisklemme het. Die teks kan letterlik of figuurlik verstaan word. Die letterlike lees van die teks neem die Woord soos dit letterlik daar staan. Die figuurlike kan nog verder onderverdeel word in allegories, moreel en anagogiese betekenisse. 'n Ontwikkeling wat plaasgevind het is dat taal meer is as net 'n feitelike mededeling, maar 'n uitdrukking van 'n diepere betekenis of emosie. Dit het die weg geopen vir die allegoriese verstaan van die teks. Dit wat geskrewe is, verteenwoordig iets anders. Allegoriese verstaan van die teks beteken dit wat jy moet glo. Die morele is dit wat jy moet doen, terwyl 'n anagogiese verstaan van die teks dit is waarna jy moet strewe (Spangenberg 1998:38). Die probleem waarmee hierdie lees van die teks gepaard gaan is 'n subjektiewe ervaringslees van die teks deur die prediker.

'n Ander weg moes gevind word om te verstaan wat die teks wil kommunikeer. Huidig is daar drie invalshoeke om die teks te verstaan:

a) By die **sender**: Met hierdie invalshoek val die klem op die oorspronklike skrywer van die teks. Die teks self word nie so belangrik geag nie.

b) By die **boodskap**: Hier val die klem op die teks.

c) By die **ontvanger**: Die rol van die leser in die verstaan van die teks is hier die invalshoek.

Daar word nou kortliks na hierdie eksegetiese invalshoeke gekyk wat uit die tradisionle hermeneutiek ontstaan het.

## 2.1 Die sender

### 2.1.1. Die histories-kritiese metode

Hier bestaan tans vier verskillende benaderings tot die teks wat almal een ding in gemeen het: Die klem val hier op die geskiedenis van die teks, op hoe die teks geword het en nie soos wat die geskrewe teks tans daar uitsien nie. Dit gaan oor die ontstaansgeskiedenis van die teks.

**a) Literêre kritiek**: In die literêre kritiek word gevra na die wordingsproses van die Ou Testament. Dit vra dus of die teks 'n groeiproses ondergaan het. Hier word gewerk met spanninge in die teks, steurings in die normale gedagtegang van die teks, herhalings wat onnatuurlik voorkom en verskille in taalgebruik (Barton 1984:20-29).

**b) Gattung of vormkritiek**: Gunkel het aangetoon dat daar verskeie onafhanklike tekste in die Ou Testament is wat ten opsigte van hulle vorm ooreenkomste vertoon. Sulke tipiese vorme of strukture het hy "*Gattungen*" genoem. Elkeen van hierdie Gattungen het sy oorsprong binne 'n spesifieke konteks in die volkslewe. Hierdie oorsprong staan bekend as die "Sitz im Leben". Dit is belangrik om altyd te vra waartoe 'n spesifieke teks behoort. Wat was die rede en omstandighede van die teks se bestaan? (Barton 1984:30-44).

**c) Redaksiekritiek**: Hierdie metode vra na die wyse waarop boeke saamgevoeg is om hulle huidige teksgestalte aan te neem. Hierdie kritiek probeer vasstel hoe en deur wie het die teks in sy huidige vorm gestalte aan geneem (Deist 1986:164-167).

**d) Tradisiekritiek**: Von Rad is die groot denker in hierdie tradisie. Hy het aangedui dat daar sekere geykte voorstellings is wat in die teks voorkom. 'n Aantal historiese tradisies wat aangedui kan word is byvoorbeeld die Sinaïtradisie, Sionstradisie, skeppingstradisie ensovoorts. Hierdie geykte materiaal is van geslag tot geslag oorgelewer en telkens geherinterpreteer. In die tradisiekritiek word hierdie geykte materiaal geïdentifiseer (Deist 1986:167-171, Vos 1995:225-229).

### 2.2 Die teks

#### 2.2.1. Teksimmanente eksegese

Hier het ook al verskeie metodes ontwikkel. Al hierdie metodes word gekenmerk deur die klem wat geplaas word op die teks in sy huidige gestalte.

**a) Strukturalisme**: Die teks word gesien as die samestelling van verskillende tipes strukture. Die teks word opgebreek in onderafdelings of sub-strukture om sodoende met behulp van klein onderdele die geheel te verstaan (Loader 1986:132-136).

**b) Kanoniese benadering**: Die klem behoort nie te val op wat die teks beteken het nie, maar op wat dit tans beteken. Elke geïsoleerde teks moet as deel van die kanon gelees word (Childs 1979:69-83).

**c) Diskoersanalise**: Volgens hierdie benadering is die struktuur van 'n teks van die allergrootste belang vir die verstaan daarvan. Chomsky is die denker agter hierdie benadering. Hy meen dat

die dieptestruktuur via die oppervlaktestruktuur vasgestel kan word. Betekenis word opgesluit in die teks self, nie in die geskiedenis van die teks nie (Louw 1976:118-125, Vos 1995:230-231).

**2.3. Die hoorder**

**2.3.1. Resepsiekritiek**

In die resepsiekritiek word die klem geplaas op die ontvanger in die kommunikasieproses. Dit gaan om die verhouding tussen die teks en die ontvanger. Die basiese uitgangspunt is dat elke teks 'n spesifieke leser veronderstel, of dit nou 'n konkrete persoon of slegs 'n hipotetiese ontvanger is. Die leser beïnvloed die wyse waarop die teks saamgestel word. Die skrywer van die teks veronderstel dat die leser die teks sal verstaan en dekodeer. Die leser kan eksplisiet vermeld word of slegs veronderstel word. 'n Basiese konsep by die resepsiekritiek is dat die teks onbepaald is. Sekere dinge word eksplisiet gesê, ander bly verborge (Lategan 1987:112-118).

**3. 'n Korrekte metode?**

Wat is die korrekte metode? Is daar net een metode in die lees van 'n teks? Is die tradisionle hermeneutiese proses genoegsaam vir die verstaan van 'n teks?

Elke metode in die tradisionle hermeneuse het sy winspunte en swakhede. Die eksegeet moet egter weet: Metodes is soos sleutels wat die deure van tekste probeer oopsluit. Elke teks het 'n ander deur. Daarom is een sleutel (metode) nie in staat om al die deure van tekste oop te sluit nie. Die eksegeet het verskillende sleutels nodig om verskillende deure oop te sluit (Vos 1995:257). Daar moet dus nie gevra word watter metode die korrekte metode is nie - maar eerder: Wat wil die eksegeet met die eksegese van die teks bereik? Dus: Indien 'n eksegeet wil weet hoe 'n spesifieke teks tot stand gekom het, is die histories-kritiese metode van pas. Wanneer hy/sy egter wil vasstel hoe 'n spesifieke teks opgebou is, moet een van die immanente metodes gekies word. Wil hy/sy uitvind waarom 'n teks op 'n spesifieke wyse geskryf is, of watter effek dit op die leser het, is die resepsiekritiek die aangewese metode.

Die vraag moet gevra word of dit voldoende is om slegs vanuit 'n invalshoek na 'n teks te gaan. Is daar nie 'n moontlikheid om *alle invalshoeke* wat in die tradisionle hermeneutiek bestaan, in die eksegese van 'n teks, te betrek nie?

Long (1989:60-78) stel 'n werkbare metode voor wat meeste van die benaderings betrek. Met hierdie benadering kry die leser 'n deeglike greep op die teks wat die verstaan en interpretasie daarvan in die sprong na die hedendaagse hoorder vergemaklik.

**4. 'n Nuwe poging tot eksegetiese-verstaan van die teks**

Voordat daar na Long se metode gekyk word, is dit nodig om 'n argument wat by die prediker mag voorkom te weerlê. 'n Prediker verval gou in 'n verskoning van: "Daar is te min tyd om eksegese te doen, òf dit is nie nodig om eksegese te doen nie". Soos reeds in die inleidende paragraaf van hierdie hoofstuk vermeld, kan die vorm en inhoud van die teks en die boodskap nie van mekaar geskei word nie. Die teks is soos 'n geweefde persiese mat. Die mat het waarde wanneer elke dun draadjie wat geweef is in ag geneem word. Elke draadjie is met sorg en fyn gekunsteldheid geweef. Die eindproduk is 'n waardevolle, amper onvervangbare en duur item. Wanneer een van hierdie draadjies verwyder word, word die patroon van die mat versteur en is die mat nie meer so waardevol nie. So is die eksegese van die teks en die prediking 'n geweefdheid. Elke gedeelte van die geskrewe teks is 'n weefsel van God se Woord. Indien een van hierdie geweefde gedeeltes uitmekaar gehaal word, of nie in ag geneem word nie - vernietig dit die patroon van die weefsel en is die prediking nie so waardevol nie.

Verantwoordelike Bybelse prediking kom nie vanself nie. Dit verg tyd, studie en harde werk.

Long stel die volgende stappe van eksegese voor as werkbare metode om soveel moontlike invalshoeke van die tradisionle hermeneuse te betrek:

**4.1. Afbakening van die teks**

Prediking moet 'n planmatige proses wees, dit moet vir die prediker iets beteken maar ook nie los van die samelewing staan nie. Van Seters (1988:29) skryf in sy boek <u>Preaching as a social act</u>: "for every act of preaching takes place in a series of contexts". Die teks wat gekies word moet redelik klein wees. Dit moet klein genoeg wees om geredelik oorskou te word, maar ook groot genoeg om 'n sinvolle eenheid vir eksegese te bied.

Die teks mag ook nie los van sy konteks gelees word nie. Die eenheid van die gedeelte ten opsigte van sy omliggende dele moet altyd in ag geneem word (Greidanus 1988:250).

Daar is vier metodes om 'n teks te vind:

a) **Lectio continua:** Hier word die Bybel van die begin tot aan die einde deurgelees. Dit is gewoonlik 'n reeks preke wat uit een boek op mekaar volg.

b) **Kerklike jaar (lectionarium)**: Dit is 'n lys van Christelike feesdae wat op die kerkkalender verskyn. Hiervolgens word die prediker gelei deur 'n preekrooster wat vir die kerklike jaar opgestel is, byvoorbeeld: Kersfees, Pinkster ensovoorts (Vos 1995:537).

c) **Plaaslike strategie**: Hier word deur die prediker en die ander leiers van die kerk 'n plaaslike preekplan en tekste uitgewerk.

d) **Prediker se keuse**: Die prediker kies die teks vir elke Sondag en geleentheid.

e) Dingemans (1991:184) en Vos (1995:548) voeg nog 'n teksafbakeningsdiens by naamlik: **Causalia.** Dingemans is van mening dat hierdie slegs geleentheidspreke is wat situasiegebonde of hoordergeöriënteerd is en nie andersins op die kerkkalender voorkom nie. Vos noem oujaarsdienste, kersangdienste en evangeliesasiedienste causalia.

In die afbakening van die teks moet die eksegeet bewus wees waar die preekteks begin en eindig. 'n Bybelse teks is 'n kunswerk. Die hele teks is met sorg geskep en vorm 'n eenheid. Hierdie afbakening van die teks lei die eksegeet na die volgende stap, naamlik die *mikro analise*. Hier stel die eksegeet vas hoe die teks aanmekaar geweef is. Dit gaan om die "inmekaarsit" van die teks. Die doel van die mikrostruktuur is om agter die skrywer se denkpatroon te kom.
Prinsloo (dat onbekend:11) meen dat hierdie opstel van die mikro analise van die teks die belangrikste proses in die eksegese is. Hier word daadwerklik met die teks gewerk. "Observing the parameters of a text often allows the preacher to isolate and treat smaller units of material without fear of violating the meaning of the text" (Craddock 1987:110).

Dingemans (1991:184) begin hier reeds sy hoorder in ag neem. Wanneer die teks klaar afgebaken is, behoort die prediker dadelik te vra: wie sal my hoorder Sondag wees? Dingemans se klem val dus baie sterk op die respesiekritiek. Hy meen: Te min word gemaak van die hoorder in 'n preek. Dit is noodsaaklik dat die prediker, voordat enige eksegese gedoen word, deeglik bewus word van sy/haar hoorder in die preek. Die prediker moet bewus wees van die vreugdes en nood van die hoorder, sy sosiale en morele welstand, asook die hoorder se godsdienstige en sosiale tradisie waarin hy/sy groot geword het en waaraan die gemeenskap gewoond is.

Baumann (1972:114) en Cradock (1987:101) meen dat die prediker sy/haar preekprogram weke, selfs maande vooruit moet beplan. Dit sal voorkom dat die prediker weekliks na 'n teks soek. Wanneer die prediker weet watter teks gelees gaan word, is dit vir hom/haar moontlik om lank voor die tyd te begin om stof te versamel vir die prediking.

### 4.2. Vertaal die teks

Wanneer ons die teks afgebaken het, 'n mikro analise voltooi het van die gedeelte is dit nodig om hierdie teks vanuit die oorspronklike geskrewe teks te vertaal. In hierdie stap kan die prediker ook die verskillende bestaande vertalings van die teks met mekaar vergelyk (Long 1989:65). In die vertaling van die teks is dit noodsaaklik om vas te stel wat elke woord in hierdie kontkes beteken. Die woord "geloof" kan byvoorbeel varieer in betekenis. Die skrywer van die teks het elke woord met sorg gekies. Daarom moet die prediker bedag wees op wat die skrywer werklik wil sê (Evans 1979:34).

### 4.3. Makrokonteks word gelees

Ons onderskei tussen twee soorte makrostrukture. Die **literêre** en die **sintaktiese** strukture.

By die literêre makrostruktuur kyk ons na die *genre* van die algehele teksgedeelte. Die *genre* van 'n geskrewe teks is die huidige vorm van die teks byvoorbeeld poësie, prosa of 'n briefvorm. Die sintaktiese makrostruktuur is die funksie en woordbetekenis binne konteks van die boek waarin die gedeelte voorkom. Die genre van die boek word hier in ag geneem.

Die prediker moet dus bewus wees van die funksie van sy/haar preekgedeelte in die groter konteks van die Skrif.

### 4.4. Luister aandagtig na die teks

Hier moet soveel moontlik vrae oor die teks gestel word. Dit is belangrik om nie hier kommentare te raadpleeg nie. Die eksegeet moet hier op sy/haar eie gedagtes staatmaak (Long 1989:66).

"The preacher should reflect before beginning to write a single word of the sermon. And in reflecting one must value his own thought. He must: be himself: and believe in the worth of his own reflection" (Evans 1979:49).

Om eers selfstandig na die teks te kyk en soveel moontlik probleme te identifiseer, word die *kreatiwiteit* in die prediker aangewakker en die prediker ontdek die teks op 'n nuwe manier.

'n Paar voorstelle kan gemaak word om die verstaan van die teks makliker te maak (Long 1989:68-69).

1. Skryf 'n parafrase van elke gedeelte om die teks meer verstaanbaar te maak.

2. Indien die gedeelte 'n narratief is, probeer die situasie van elke karakter in die verhaal voorstel. Ervaar die verhaal.

3. Wees oplettend vir onverwagse detail. Markus 6:39 praat byvoorbeeld van die groen gras waarop die mense moes gaan sit - en dit in die woestyn? Hoekom?

4. Kyk waar lê die klem van die teks.

5. Is hier enige konflik wat in die teks voorkom? Hoekom?

6. Word die teks verlig deur die voorafgaande en daaropvolgende gedeeltes?

7. Luister na die teks soos 'n mede hoorder. Wat sou 'n gemeentelid gevra het.

8. Wat **doen** die teks? Indien die eksegeet 'n musiekstuk by hierdie gedeelte kon voeg, wat sou hierdie musiek wees? Harde trompetgeklank of sagte vioolspel?

Hierdie riglyne is belangrik in die verstaan van die teks. Dit bevorder ook die indikatief van hierdie studie. In die kreatiewe proses gaan dit juis om vraagstelling. Wanneer die regte vrae gestel word, sal die regte oplossings bereik word. Dit is belangrik dat die prediker van alle moontlike vrae en verstaan van die teks bewus moet wees. Daar moet soveel moontlik vrae gevra word om die teks te verstaan. "Deshalb ist das Finden von Problemen ebenso wichtig wie das Finden von Lösungen" (Arens 1974:27). Die betekenis van die vrae wat gestel word, hoef nie

noodwendig sin te maak nie. Dit maak die nuuskierigheid los en help die prediker om met kreatiewe oë na die teks te kyk en dit te verstaan (meer hieroor later).

**4.5. Historiese oorsig.**

Elke teks het 'n situasie waarin dit ontstaan het (*Sitz im Leben*). Hier word na die buite tekstuele of sosio-kulturele situasie van die teks gekyk (Prinsloo dat. onbekend:18). Die eksegeet moet egter daarop bedag wees om nie die agtergrond situasie van die teks op die verstaan van die teks self af te forseer nie.

Naas die algemene situasie is daar ook nog die spesifieke situasie van die skrywer en die lesers wat in ag geneem moet word.

**4.6. Ontdek die literêre waarde van die teks.**

Elke teks is geskryf in 'n sekere *genre*. Die prediker moet vasstel of sy teks 'n brief, prosastuk, poësie, proffesie of wettiese voorskrif is. 'n Probleem is egter dat slegs basiese kategorieë bestaan, wat beteken dat alle tekste nie rigied in 'n spesifieke *genre* geklasifiseer kan word nie. Die eksegeet moet eerder vra: wat is die doel van die afgebakende teks?

Vos (1995:261) meen egter dat daar nie teen die literatuursoort ingelees mag word nie. Die homileet (eksegeet) moet hom/haar kreatief laat lei tydens die interpretasieproses. Die eksegeet moet begelei word deur die literatuursoort (genre) van die teks waarmee hy/sy besig is. Hy sê verder: "dit is eers wanneer die eksegeet met inagneming van al die tekselemente - morfologiese, sintaktiese, stilistiese, semantiese en historiese - die aard en funksie van 'n teks probeer bepaal het, dat hy die teks se boodskap aan die hoorders kan kommunikeer".

Hierdie opmerking kan nie ongekwalifiseerd verbygaan nie. Wanneer laas kan die hoorder sê dat hy/sy 'n poëtiese preek gehoor het? Tog word daar dikwels uit die Psalms gelees. Weet die hoorder nog wat 'n retoriese preek behels waar albei standpunte van 'n saak in ag geneem word? Paulus se briewe is egter gereelde preektekste? Word die narratiewe prediking in ag geneem wanneer daar uit die evangelies gelees word? Dit is noodsaaklik dat die eksegeet, wat in die preekmaak proses betrokke is, hom/haarself deur die teks laat lei, ook in die vorming van die

preek. Dit sal voorkom dat elke Sondag se prediking nie dieselfde sal wees nie, want geen teks in die Bybel is dieselfde nie.

**4.7. Teologiese verkenning van die teks.**

Indien daar teologiese kwessies in die teks voorkom moet die eksegeet hom/haarself daarvan vergewis. Dit is belangrik om te weet watter dispute in daardie tyd plaasgevind het. Die teologiese inhoud van woorde in hierdie konteks moet ondersoek word (Long 1989:75). Die prediker moet ook van die verskillende betekenismoontlikhede van die teks bewus wees (Craddock 1987;108).

Die bestaande kommentare kan nou geraadpleeg word om sodoende ander teologiese inligting van belang te bekom.

**4.8. Die sprong na vandag se hoorder**

Hier word die hoorder van die teks in vandag se situasie in ag geneem. Die preek moet gemaak word. In die formulering van die preek moet die ruimte waarin die preek sal plaasvind, in ag geneem word.

Dit is egter hier waar die probleme begin intree. Hoe maak 'n prediker 'n suksesvolle toepassing? Deeglike eksegese is een saak, maar hoe kom die eksegeet by 'n suksesvolle oordrag van die teks? Nou word die eksegeet prediker. Die prediker staan in 'n sosiale konteks wat daagliks verskil. Hoe maak die prediker die sprong vanaf 'n teks wat geskryf is in 'n tydperk waar die Christendom gevorm is, na vandag waar ons praat van "*mega*trends"? Hendriks (1996:499) praat van die moderne mens as iemand wat in 'n sekulêre wêreld leef. Hierdie moderne mens laat hom nie bind deur bestaande norme nie. Die norme wat gehandhaaf word is telkens in botsing met die fundamentele Christelike beginsels. Die hoorder is hierdie moderne mens wat elke dag verander. Die prediker moet hierdie "*mega*trend" aanspreek. Om hierdie "*mega*trend" aan te spreek is dit nodig om die hoorder van die dag te verstaan. Die hedendaagse literatuur kan 'n goeie hulpmiddel wees om hierdie hoorder te verstaan.

Die hoorder is tog nie deel van die eksegetiese proses nie. Die belewing wat die prediker gehad het in die eerste lees van die teks moet by die hoorder uitkom. Hoe kan die prediker die teks by

die hoorder tuisbring sodat die hoorder saam met die prediker opgewonde kan raak oor wat God sê?

Dit is hier waar die kreatiewe proses dalk van onskatbare waarde kan wees.

**5. Samevatting**

Die tradisionele hermeneutiese proses is ondersoek. Hier is gevind dat daar in die verlede na die teks gekyk is uit verskillende invalshoeke. Die invalshoek het verskil van die sender van die teks, die teks self en die ontvanger van die teks.

Long het ook 'n werkbare metode voorgsetel wat so ver moontlik alle invalshoeke van die tradisionle hermeneutiese proses in ag neem.

Steeds is daar probleme. Is hierdie metode genoegsaam vir die suksesvolle oordrag van die teks aan die hoorder? Sal hierdie metode werk in die kreatiewe vorming van die boodskap? Hoe begelei hierdie eksegese die prediker om elke Sondag met 'n nuwe en vars boodskap te kom?

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na die kreatiewe proses.

HOOFSTUK 2

## KREATIWITEIT: 'AHA' VIR DIE EKSEGESE!

### 1. Inleiding

*PREDIKER*

en behalwe dat die Prediker 'n wyse was
het hy die volk nog baie kennis geleer...

maar watter wysheid stotter ek in hierdie stad?
die evangelie van sinkdakke is ontelbare atome
wat onder my voete op splyting wag, uit die monde
van orakels kom die kettingreaksie van baie woorde:
life is no more than a sugar coated pill


nou is selfs die planete gekarteer
die mite van gode vir kaart en transport verpand
en ek staan stom voor die wysbegeerte van televisie
die uitspansel - ontdaan van sterre -
is 'n ashoop van spoetniks en telstars
en die spore op die maan waai nie toe nie

alles is tevergeefs sê die orakel
en skryf sy vrese neer
vrese soos verse en bulle
- die hand aan die ploeg sal 'n geweer vashou
en die os word 'n bul wat oor Afrika storm
uit die takkrale kom die geroggel van wit beeste
want hulle vrede het vuur gebring
en die swart bloed van stiere

wat skort dan met die elektronika en die orakels?

- Chris Pelser Uit: *Digters en Digkuns* (Nienaber 1994:251)

Die dilemma waarmee hierdie prediker sit, is een waarmee elke prediker worstel: watter wysheid stotter ek in hierdie stad? In die soektog om op 'n oplossing vir die preekkrisis te kom, is die breinkaart ontdek:




Wat is hierdie breinkaart? Hoe kan dit die prediker met sy/haar prediking help? In hierdie hoofstuk gaan voorgestel word dat die breinkaart as vervulling van die eksegetiese proses, sowel as die kreatiewe proses by die prediker, moet funksioneer.

Die kreatiewe proses sal vervolgens bespreek word:

## 2. Die kreatiewe proses

### 2.1. Wat is kreatiwiteit?

Om een definisie van kreatiwiteit uit te sonder, is haas onmoontlik. Schmidt (1985:11) word weer aangehaal: "Kreatiwiteit is die uitdrukking van God se skepping in my hande, oë, verstand - in my hele wese. Om te skep is die uitdrukking van 'n persoon se goddelikheid, om sodoende sy daaglikse stryd om oorlewing te oorkom" .

God is kreatief. Kyk net hoe wonderlik, verskillend en met groot sorg het Hy die mens gemaak. God het die mens kreatief geskep. Tog word daar oor die mens op koue en analitiese manier elke Sondag in die erediens gepraat. Met hierdie "koue en analitiese manier" maak ons die kreatiwiteit van God dood. **Om kreatief te wees, is om te skep. In elke persoon is die vermoë om te *skep* want ons is deur God ge*skep*** (Skinner 1990:26).

Daar is nie konsensus oor die verskillende fases van die kreatiewe proses nie. Hoewel die kreatiewe proses in fases ingedeel word, beteken dit nie dat dit in afgebakende stadia plaasvind nie. Dit is belangrik om te besef dat die kreatiewe proses 'n geheel proses is en in wisselwerking met mekaar funksioneer. Die indeling word egter gemaak om die verstaan van die proses te vergemaklik.

Wanneer ons by die kreatiewe proses kom, word daar gepraat van 'n wetenskaplike of kunstenaar. Die standpunt van hierdie studie is dat elke prediker 'n wetenskaplike (eksegeet) asook 'n kunstenaar (wat elke week opnuut moet skep) is.

Die fases van kreatiwiteit lyk soos volg:

#### 2.1.1 Die inval van kreatiwiteit

Hierdie fase in die kreatiwiteit is 'n plotselinge gedagte wat die wetenskaplike sowel as die kunstenaar kry wanneer hy dit die minste verwag. Daar bestaan twyfel dat die "inval van 'n gedagte" deel moet vorm van die kreatiewe proses.

Wat veroorsaak hierdie inval/ingewing van gedagte? Is dit 'n ingewing van God of bloot 'n biologiese proses? Is die persoon wat hierdie ingewing ervaar geseën met gawes of dalk 'n sesde sintuig? Die oplossing van hierdie probleem lê in die "nie-weet-nie" deel van die mens se lewe. Die inval of ingewing van gedagte word bepaal deur die leefwyse van die kunstenaar of wetenskaplike. 'n Persoon wat dus meer deur sy omstandighede en omgewing gestimuleer word, sal meer waarskynlik kreatiewe impulse ervaar.

Die "van bo af" ingewing is dus meer 'n oplossing tot 'n bestaanswyse, 'n onderbewuste ontwikkeling van dit waarmee die kunstenaar en wetenskaplike in werklikheid altyd mee besig is. By kreatiewe persoonlikheid speel toeval, soepelheid van gees, skerp observasievermoë en aandag vir die onverwagse 'n groot rol (Wolters 1977:23-24).

Dit is belangrik om hier op te merk dat kreatiwiteit nie net op toevalligheid staatmaak nie. Daar bestaan volgens Fraser (1989:48) in haar artikel The creative process twee soorte kreatiwiteit, naamlik die bewustelike en die onbewustelike.

"Unconcious creativity is the process of insight and inspiration - seeing things in a fresh way. It is unplanned, unitentional, haphazard and occurs by change... On the other hand, concious creativity is delibarate and planned problem solving. It occurs as a result of logical processes, trial and error, and every one of us can develop this skill (sien ook: die breinkaart).

Die bewustelike kreatiwiteit is die positiewe ingesteldheid van die persoon om te slaag. Dit is die ingesteldheid om te werk, en nie agter oor te sit en wag vir 'n kreatiewe idee nie. Kreatiwiteit kom voor wanneer 'n persoon met iets worstel, dit ontstaan nie in 'n vakuum nie (Fraser 1989:48-49).

Die tradisionle hermeneuse kan in hierdie geval die kreatiewe fase strem. Wanneer die prediker slegs besig is met die teks vanuit een invalshoek, en slegs worstel met dit wat bekend en geskrewe is, kan die kreatiwiteit van die prediker dalk gesmoor word.

Indien die prediker egter oop is om alle moontlikhede van die teks te ondersoek, nuwe vrae te stel en nie rigied te bly in die hermeneutiese proses soos voorgestel nie, kan kreatiwiteit in elke prediker ontwikkel word.

### 2.1.2 Voorbereidingsfase

Kreatiewe mense sien ongewone dinge raak en bemerk probleme op by die eienaardige. Wie nie 'n probleem sien nie, kan ook nie by 'n oplossing uitkom nie. Die vind van probleme is dus net so belangrik as die ontdekking van oplossings (Arens 1974:26). In hierdie fase moet alle moontlikhede om tot 'n oplossing te kom oorweeg word (Fraser 1989:48). Neethling (1994:66) meen dat 'n probleem slegs opgelos kan word indien die regte vrae gevra word. Die voorbereidingsfase is dus 'n verkennende of vraagstellende fase.

By die prediking is hierdie fase die fase wat die ganse eksegetiese proses omvat. Die kreatiewe prediker begin deur die regte vrae oor die teks te stel. Die breinkaart help die prediker om kreatiewe en nuwe vrae te stel oor die geskrewe teks. Verder is 'n deeglike ondersoek, wat al die invalshoeke omvat, op die teks hier van belang. In hierdie fase word die teks ondersoek.

### 2.1.3 Inkubasiefase

Alhoewel die fases nie duidelike grense het nie, is daar tog te onderskei tussen die formulering van die probleem, die oopsluit van oplossingsmoontlikhede en die ontdekking van geldige oplossingsidees. "Das unbewusste wird bewusst miteingeschaltet in den kreativen Prozess; den es hat sich gezeigt, das Kreativität an dem Übergang vom Unbewussten zum Bewussten besonders wahrscheinlich ist" (Arens 1974:29). Hier is dit belangrik om die informasie wat verkry is te laat "rus". Die oplossing word nie hier bewustelik gesoek word nie. Die onderbewussyn bly steeds besig met die probleem. Soos 'n plantjie wat eers geplant moet word, water gegee moet word en versorg moet word, so moet die gadagtes ook kans kry om wortel te skiet en te groei (Skinner 1990:64).

In hierdie fase word stereoptiepe informasie sowel as gewone en geykte tradisies losgemaak en vanuit 'n ander oogpunt bekyk (Arens 1974:29-31). Met ander woorde: gewone en geykte inligting is oor die probleem ingesamel. Hierdie inligting kry nou kans om te "rus". In hierdie rusfase, terwyl die kunstenaar met die gewone dagtake aangaan, word nuwe idees gegenereer. Iets wat voorheen geen verband gehad het met die gestoorde inligting nie, kry nou nuwe betekenis. Verbande tussen alledaagse lewe en die probleem word getrek.

**'n Fout wat die prediker maak is om eers laat in die week die preek te begin voorberei.** Dit versoorsaak dat die brein nie kans gegun word om hierdie inligting wat by die voorbereidingsfase verkry is, te absorbeer nie. Dit maak kreatiwiteit dood. Die kreatiewe proses

word aangehelp wanneer die prediker kans het om oor die preekstof wat versamel is, te dink. Op hierdie wyse kan die prediker ook kreatief met sy omgewing omgaan deur nuwe moontlikhede vir die verstaan van die teks in die alledaagse lewe raak te sien.

### 2.1.4. Illuminasiefase

In die wynmaakproses word die wyn geproduseer en gestoor om te verouder of kultiveer. Hoe langer 'n rooi wyn tyd het om te kultiveer, hoe kosbaarder is die wyn. Ons gedagtes moet ook kans gegun word om te kultiveer. In hierdie fase kom die idee. Hierdie fase is 'n onverwagse ingewing waarin die oplossing duidelik word (Arens 1974:31; Skinner 1990:66). Karen Hougardt, 'n bekende afrikaanse sanger sing: "inspirasie kom altyd, maar half onverwags".

### 2.1.5. Verifikasie

Die laaste fase in die kreatiewe proses is die verifiëring. Hier word die vooraf arbeid in 'n konkrete idee omgesit. Dit wat aanvanklik slegs 'n idee was, kry nou gestalte, woorde, vorm. Dit verg harde werk, formulering, denke en herformulering. Daar moet altyd gepoog word om vars en oorspronklik te wees (Arens 1974:32). Skinner (1990:67) noem hierdie fase die fase van *volwassewording*. Kreatiwiteit is nie slegs die ontwikkeling van idees nie, maar ook die vermoë om hierdie idees te begelei tot 'n volwaardige en werkbare oplossing. "If you want to be creative this demands expending not only real energy, but also commitment to be patient enough to see the process through". In hierdie fase by die preekmaakproses word die preek in woorde omgesit.

Hierdie kreatiewe proses mag dalk irrelevant voorkom ten opsigte van die ekegese wat in die vorige hoofstuk bespreek is, maar:

## 3. Kreatiwiteit en die preekproses

Ons is almal kreatiewe mense, geskep deur 'n kreatiewe God. Baie mense is nie kreatief nie omdat hulle meestal in basiese strikke van kreatiwiteit trap.

1. Kreatiwiteit is heel eerste baie harde werk, dit kom nie vanself nie. 'n Kreatiewe persoon wag nie vir 'n perfekte idee nie, maar werk met die idees hy/sy het.
2. Die prediker het meesal 'n onkundigheid om geleenthede raak te sien.

3. Elke prediker glo dat hy/sy nie in staat is om kreatief te wees nie. Ons het almal die vermoë om tot 'n meerdere of mindere mate kreatief te wees. Ons moet dit net glo *en in oefen* (Fraser 1989:48).

4. Die prediker word soms vasgevang in die gewone, of tradisionele wyse van doen omdat daar geglo word dat geen ander metode kan werk nie.

5. Die huidige opleiding aan universiteite onderrig die bekende hermeneutiese proses en min word gedoen aan die ontwikkeling van kreatiwiteit van die studente.

6. Baie predikers glo dat hulle nie kreatief is nie, en nooit sal wees nie.

Hoe kom 'n mens nou van die inval en die voorbereiding van die kreatiewe fases by die preek en preekproses uit? "The power to imagine develops as you dicipline the mind to experiment with the greatest variety of facts and concepts about a particular theme you can gather. Fresh ideas are the children of unexpected matings of pieces information" (Skinner 1990:48). Dit mag voorkom asof die kreatiewe proses en die preekproses geen verband met mekaar het nie, maar die teendeel is egter waar. Die kreatiewe proses kan meehelp in die vorming van 'n preek.
Charlie Chaplin kon nie sê waar kreatiewe gedagtes vandaan kom nie. Hy het egter gemeen kreatiwiteit is ..."uithouvermoë, intensiteit in die soekproses en 'n kritiese vermoë om keuse te maak" (Jossutis 1985:70).

Hierdie opmerking is vir die prediker nie sonder betekenis nie. Dit verg kreatiwiteit om Sondag na Sondag met iets nuuts vorendag te kom, wat nie lyk na die vorige preek nie. Die prediker het ook 'n **invalsfase** nodig. Die maak van 'n preek is 'n *kreatiewe aksie*. Daarom kan 'n mens die kreatiwiteitsfases sonder moeite op die prediking toepas.

Die **voorbereidingsfase** is die aanvang en invordering van kennis. Die prediker het reeds oor die teks besluit, nou moet hy soveel moontlik oor hierdie teks te wete kom. In die voorbereidingsfase begin die prediking met die soek van konkrete probleme van die dag. Hierdie soektog vind plaas deur op te let, te lees, te gesels met die gemeente, televisie te kyk ensovoorts. Die prediker moet die vrae en probleme van die dag op die tafel kry. Soos 'n regisseur van 'n teaterstuk moet die prediker ook alle aanbiedingsmoontlikhede oorweeg. Dit gaan dus nie om die regte antwoord nie, maar om die regte vrae (Arens 1974:26). Hierdie fase is as't ware die hele eksegetiese proses van preekvoorbereiding. 'n Teks word geneem en bestudeer. Alle moontlike vrae word oor die

teks gestel, die agtergrond en ontstaan van die teks ondersoek en die hele ekegetiese proses word deurloop. Skinner (1990:68) voeg 'n fase in die kreatiewe proses by wat hy die *Saturation stage* noem. Hier gaan dit vir hom oor die intensiewe voorbereiding van die teks. Dit is egter belangrik dat die kommentare nie nou reeds geraadpleeg word nie en die prediker eerder sy/haar eie gedagtes moet kans gee om rondom die teks te vorm.

Tydens die voorbereiding begin die **inkubasiefase** in die onderbewussyn. "In this phase you hand over the creative task to the inner self. To do so you must abandon all attention to it, surrender all concious thought and controll over it, entirely relinquish any present interest in it, and turn your concentrated and concoius attention to other tasks" (Skinner 1990:72). Hierdie fase gee die ingesamelde inligting kans om in die onderbewussyn te werk. Die prediker moet doelbewustelik nie verder aan hierdie een teks werk nie en met 'n ander taak voortgaan. Hoe meer die prediker oefen om die teks vir 'n tydperk alleen te los en aan te gaan met ander take, hoe beter sal die oplossing daarvoor wees (Fraser 1989:49).

In hierdie fase moet die prediker nuwe kombinasies om die preek aan te bied probeer, nuwe beelde skep, ander strukture konstrueer en oorweeg. Dit is belangrik dat ons van die voorveronderstellinge waarmee ons werk, sowel as die blokkasies bewus raak en daarvan ontslae raak (Arens 1974:30). Met **illuminasie** word insig oor die onderwerp verkry. Soveel maal word die idee van die prediker, die "aha" belewenis wat hy/sy gehad het, doodgedruk deur sy/haar onoorspronklikheid. Die prediker beleef dalk die teks opnuut maar besit nie die vermoeë om hierdie belewing aan die hoorder oor te dra nie. Kreatiwiteit is nie net 'n saak van die intellek nie, maar ook van die ganse persoon (Arens 1974:31). In hierdie fase moet die Bybelse tradisie en die huidge situasie bymekaar kom. Wanneer die voorbereidingsfase deeglik deurgewerk is, die inligting aangaande die probleem gekultiveer is, sal die "aha" ervaring van die kreatiewe proses ook by die prediker voor kom. Na 'n fase van geduldig wag, sal die regte ingewing van gedagte kom.

In die finale **verifikasiefase** word die nuwe insig getoets, beproef en gevorm totdat dit by die omgewing en individu aanpas. In hierdie fase lê die swaarste taak, naamlik die kommunikasie. Die teks wat 'n subjektiewe ervaring by die prediker is, moet nou omskep word in 'n teks wat die hoorder dieselfde ervaring moet laat ervaar. Waar dit in die illuminasiefase gegaan het om die

kommunikasie tussen die tradisie en die situasie, gaan dit nou hier om die brug wat gevorm moet word tussen tradisie en situasie, teks en hoorder, prediker en gemeente (Jossutis 1985:71-74). In hierdie fase moet soveel moontlik kombinasies en oplossings tot die teks gevoeg word. Hoe meer gedagtes gegenereer word, hoe beter sal die preek struktuur kry en hoe meer kreatief sal die prediker in staat wees om die teks aan die hoorder oor te dra. In hierdie fase is kwantiteit in plaas van kwaliteit belangrik (Neethling 1994:32).

Ter wille van die **kreatiewe preek** moet die volgende bygevoeg word ter aanvulling van die eksegetiese proses:

1. Die ontsleutel van die teks vind in die eksegese plaas. Daar moet seker gemaak word dat daar soveel as moontlik vrae oor die teks gestel word. Die oplossing van 'n probleem word slegs gevind wanneer die regte vrae gevra word (Neethling 1995:66). Die breinkaart (soos daar na verwys sal word) sal die eksegeet help om die regte vrae te vra.
2. Die dialektiese opbou van die teks word in ag geneem. Hoe lank is die verhaal waarin die teks plaasvind, wat is die strekking daarvan en wat is die skopus van hierdie gedeelte? Nou word die probleem van die hoorders oorweeg. Hierdie situasie word met die oorspronklike vergelyk en die beste weg word gekies om die preek aan te pak.
3. Vanaf die algemene tot die besondere word beweeg. Die situasie is... die teks sê... en wat kan konkreet nou uit die konklusie afgelei word (Dingemans 1991:209-212).
4. Voorbereiding is baie belangrik. Skinner (1990:71) sê: "...you need to soak yourself completely in the factual details of some biblical material, to master its background (and especially in its relation to the whole biblical revelation). This will include an analysis of every person involved (writer, recipients, participants in any story told, God as Father, Son, and/or Holy Spirit in the situation of the text), a record of every fact covered (reletionships, of the text), and notes about every concept referred to..."

**4. Die bewustelike kreatiewe proses**

Soos reeds vermeld kan daar onderskei word tussen 'n bewustelike en 'n onbewustelike kreatiewe fase. Die bewustelike kreatiwiteit kan aangeleer en ingeoefen word. In die preekmaak proses kan daar kreatiewe vaardighede aangeleer word wat tot die kreatiewe vormgewing aan die preek kan lei.

Die breinkaart is 'n probleemoplossings metode wat baie aandag geniet in die huidige navorsingswêreld. Die breinkaart word as bykomende eksegetiese stap aangewend in die verstaan en ontsleutel van die teks.


**4.1 Die Breinkaart**

In die begin van hierdie hoofstuk is slegs vlugtig na die breinkaart verwys. Die breinkaart sal nou bespreek word. Dit bestaan uit 'n onderwerp wat in die middel van 'n blanko vel (dwars gedraai) geplaas word, met speke wat daaruit voortvloei. Op die punt van hierdie speke word gedagtes geskryf. Grove meen dat die breinkaart die natuurlikste manier is om inligting in te samel. Die feit dat hier 'n onderwerp in die middel is, wat omring word deur inligting wat verband hou met hierdie onderwerp, stem ooreen met die sonnestelses soos waar 'n son omring word deur 'n aantal planete. Alle materie bestaan voorts uit 'n kern waarom partikels wentel. 'n Breinsel lyk ook soos 'n breinkaart en word dus gemaklik deur die brein geakkommodeer. "Die boom vorm 'n breinkaart. 'n Spinnekopweb is 'n breinkaart. Rivieropvanggebiede en rivierdeltas is breinkaarte, seewiere en padstelses kan breinkaarte vorm. Dis oral om jou" (Grové 1996:39).


Grovè (1996:39) skryf verder dat die breinkaart help om meer van die brein te betrek, ook die onderbewusste. Dit help die brein om inligting te organiseer. Die hoofpunt met sy onderafdelings kan maklik in verhouding met die geheel gesien word. Verder verhoog die breinkaart kreatiwiteit. Omdat die breinkaart onbeperk is, eindelose moontlikhede het en jou idees kan groei so ver jou papier strek, is dit ook bevorderlik vir kreatiewe denke.

Wanneer idees gegenereer word om 'n probleem op te los, word dit gewoonlik in volgorde onder mekaar geskryf. "Hierdie aanteken van idees, lineêr en sistematies, is 'n aksie voortvloeiend uit linkerbreindenke. Dit oorbeklemtoon logika en orde en verhinder nie lineêre en ongewone denke" (Neethling 1994:35). Neethling (1994:67) stel voor dat 'n werkwoord in die middel van die breinkaart moet staan. Om hierdie werkwoord te vind moet die vraag ***hoekom?*** gevra word.


In die uitleg van 'n teks sou 'n prediker die breinkaart effektief kon gebruik in die voorbereidingsfase. Hier is veral die vraagstelling oor die teks ter sprake. Werkwoorde kan geidentifiseer word en vra kan gestel word. 'n Voorbeeld uit Romeine 8 kan soos volg lyk:




'n Ander woord kan ook gebruik word:



Nog 'n manier om die breinkaart in die prediking te gebruik is by die verifikasie fase. Hier moet die prediker se ervaring van die teks oorbeweeg na die hoordersituasie. Hier kan dieselfde metode gevolg word. Vrae vanuit die teks kan gestel word wat die hoorder betrek. Wat beteken hierdie teks vir die hoorder in 'n moderne samelewing?




'n Ander metode kan ook wees om die teenoorgestelde van die teks te vra. Wat wil die teks nie sê nie? Wat moet die hoorder nie hoor nie?



## 5. Die stryd: breinkaart versus tradisionele hermeneutiek

### 5.1 Die tradisionele hermeneutiek

In die voorafgaande hoofstukke het ons kennis gemaak met die tradisionle hermeneutiek. Hier is gesê dat hierdie eksegetiese metode nie altyd genoegsaam is vir die verstaan van die teks, en uiteindelik die oordrag daarvan nie. In die daaropvolgende hoofstuk is die breinkaart as aanvulling tot die tradisionle hermeneutiek voorgestel.

In die tradisionle hermeneutiek word baie hulpmiddele aan die prediker gebied. So 'n erkende reeks is die *Woord teen die lig* reeks. In Woord teen die lig 2, Riglyne vir die lydensprediking (1983:216-224) kom DJ Smit met behulp van die tradisionle hermeneutiek tot die volgende preekmoontlikhede:

1. Jüngel se preek word aangehaal. Hier kry die leser 'n goed geformuleerde preekteks. Dit is egter die gevoel dat 'n moeilike teks soos Romeine 8 nog op 'n afstand bly en nie werklik tot die hoorder se situasie deurdring nie. In hierdie preek word gepraat van oormoed, God se liefde word kortliks genoem en dan word God se almag bespreek. 'n Paragraaf word aangehaal om die probleem van oorgaan tot die hoorder se situasie, te illustreer:

*"Van God se almag word ons deur wêrelde geskei. Wie op gewelddade van God wag, wag tevergeefs. Wie liefde sê, maar magsdaad bedoel, verstaan Gods liefde verkeerd. Liefde is geweldloos - in hemel en op aarde. En juis hierdie geweldlose liefde, ja, die onmag van die liefde het ons wêreld nodiger as alle mag. Die geweldlose liefde, dit het ons nodig - in alle opsigte. En diegene wat die meeste daaraan behoefte het, is diegene wat dit die minste weet".*

Ten spyte daarvan dat die taal ietwat hoorders onvriendelik is, is dit die gevoel dat die toepassing van die teks op die hoorder situasie ook by Jüngel 'n probleem is.

2. 'n Tweede moontlikheid wat aangegee word is 'n kategesmusprediking. Ook hier is dit moeilik om die hoorder se situasie te visualiseer. Hierdie preek se tema is "*vesekerdheid van die geloof*". Die Heidelbergse kategesmus, Sondagafdeling 1 en 16 word met die teks in verband gebring. Die lyding van Jesus word breedvoerig bespreek. Die 'ter helle neergdaal het' is 'n sleutelelement in hierdie lyding. Hierdie lyding was nodig, aldus die preeksket, om die mens te red. Dit

beteken: wanneer ek voel dat die hel in hierdie lewe losbreek, kan ek weet: God hou my nog vas. Die preekskets maak dan 'n aangrypende toepassing van God se "hier by ons wees". Dit gaan egter dan weer na die beskrywing van die hel. Ons hoef nie bang te wees om ter helle neer te daal nie, Jesus het dit reeds vir ons gedoen. Jesus het die lyding deurgegaan sodat ons dit nie hoef deur te maak nie.

Hierdie preek slaag daarin om vir 'n gedeelte daarvan die hoorder werklik aan te spreek. Die vraag is egter of die breedvoerige bespreking van die hel, en die betekenis daaraan verbonde regtig gestand doen aan die perikoop?

3. 'n Derde moontlikheid word oorweeg. Hierdie preekskets begin by die omstandighede van die hoorder. God se troos word as antwoord aangebied. Hierdie troos is God se liefde. Ons kruis word nooit te swaar om te dra nie. Ons moet daarom nie na ons omstandighede kyk om uit te vind of God vir of teen ons is nie, maar buite ons, na die beloftes, die versekeringe, die evangelie. Die preek word afgesluit deur geloofsekerheid.

Hierdie preekskets slaag daarin om die hoorder van die begin te betrek. Die vraag kan gevra word of troos regtig in die teks voorkom? Geloofsekerheid is ook 'n sterk oorweging hier. 'n Probleem wat bespeur word is: wat is hierdie troos; hoe sien ek hierdie liefde; wat veroorsaak geloofsekerheid?

**5.2 Die toets van die breinkaart**

Soos in die vorige hoofstuk is daar na Romeine 8:31 ev gekyk (verwys: breinkaart in vorige hoofstuk uitgewerk). Die breinkaart ly die prediker om kwalitateif vrae te vra (slegs een breinkaart word bespreek ter wille van voorbeeld). By die eksegetiese proses in Romeine 8 (verwys na breinkaart 1) is gevra:

Wat is **liefde**?
Dit is omgee: wat is omgee?
Wat beteken dit om daar te wees?
Wat beteken dit om te help?
Wat is die liefde tussen man en vrou?

Wat is die liefde tussen ouer en kind?
Hoe is hierdie liefde as ek harsteer/bly is?
Wat is die liefde van 'n vriendskap?
Hoe is dit op hierdie teks van toepassing?

Hierdie is slegs die beginfase van alles wat gevra word in die breinkaart. Hierdie gedagtes maak nog meer gedagtes los. So kan die eksegeet presies vasstel wat liefde in die teks is. Hierdie betekenisse kom later ook in die toepassing op die hoordersituasie ter sprake.

Met behulp van die 4 breinkaarte, en in besonder breinkaart 3, kon die volgende preeksketts saamgestel word:

Hoe is God?

Liefde is 'n sentrale term wat telkens voorkom. Die preeksets kan dus gely word om liefde as sentrale boodskap te verkondig. God is liefde. Ons hoor dit elke dag. Maar wat beteken hierdie liefde?

Liefde van God beteken dat God altyd daar is, Hy om gee, Hy in elke situasie is. God is daar wanneer ek bly of hartseer is. Hy wys sy liefde deur Christus. God haat my nie, Hy het my lief.

God veroordeel my nooit nie. Wie veroodeel my? Ek self, mense, vriende, man of vrou, die wêreld en al sy ander gode (geld besittings ensovoorts). God veroordeel my nie want Hy het my lief.

God haat my nie. God is regverdig. Hy luister, Hy het geen vooroordele nie, Hy hou my op die regte pad, Hy stuur Christus om my te help. God is regverdig maar God het my lief.

Die breinkaart help die prediker om alle moontlikhede in die aanbieding van die teks te oorweeg. Hierdie breinkaart ontsluit elke moontlike gedagte om 'n spesifieke tema. Die prediker, wat gewoonlik met 'n beperkte aanbiedingsmoontlikheid werk, besit nou 'n aantal sleutels om die teks vir die hoorder meer verstaanbaar te maak.

## 6. Samevatting

Die kreatiewe proses is bespreek en daar is gesien dat elke mens as kreatiewe geskepte wese van God oor sy/haar unieke kreatiewe vermoëns beskik. Die breinkaart is 'n metode wat die bewustelike kreatiewe proses van die brein aanhelp. Dit kan ook die prediker is sy voorbereiding in die preekmaakproses help.

Deur hierdie breinkaart te gebruik in die eksegese en ook in "probeer verstaan" van die hoorder se situasie in die teks kan die breinkaart as ekstra eksegetiese stap bygevoeg word. Die breinkaart help die prediker kreatief met die teks om te gaan.

In hierdie metode word gefokus om kwantitatiewe vrae eerder as kwalitatief. Dit help die prediker om die teks op 'n nuwe en vars manier oop te sluit en ontsluit ook nuwe aanbiedings en betekenismoontlikhede.

## DIE TAAL: WOORDE WAT DIE HOORBARE, SIGBAAR MAAK!

*demosthenes, die klipkouer digby kalamata*

die mooiste ure was wanneer ek
alleen in ingekapte kerkies God
kon uitsing in die eggo's teen die rots

maar tussen mense word my tong verstok
as ek moet antwoord soek op vrae
sodat die saamwees altyd aan my krap
wanneer ek hakkelrig met hulle bots.

ek wens dat ek myself kan toemaak in my kerkies en myself.

tog is ek oorgelewer aan die mensbestaan
waar almal aldag op my tone trap.

nou loop ek soggens skuins voor dagbreek
hier langs die skoon en vlakkerige
see en luister hoe die branders oopvou
op die strand. buk af en kyk hoe lyk
die klippies op die sand. bly dae
kyk na al die vorms en kleure
elkeen 'n wonderwerk en sààm
'n groter een in skynbaar sorgelose blink verband.

en kies 'n paar en speel met hulle
in my kies. voel hoe my tong geskaaf
word en hoe my mond op sy beurt verder

vorm gee aan elke klip.

'n skip skiet uit die horison.
en sonder twee maal dink of iemand dit verstaan
spoeg ek die klippies mosaïekfyn uit my mond.
my groet is glad en koeëlrond.

die dag het soos 'n eerste dag rondom my oopgegaan.
- F Olivier

Uit *Digter en Digkuns* (Nienaber 1994:194)

Hierdie digter sukkel om verstaan te word. Hy worstel daarmee dat hy verkeerd verstaan word en sê: die mooiste ure was toe hy en God alleen was, toe hy en God met mekaar gepraat het, waar dit nie nodig was om homself te verduidelik nie. Hy verkies om alleen saam met God te wees, waar die mense nie op sy tone trap nie.

Dit is 'n probleem waarmee die prediker ook worstel. Hoe word die ontdekking van die prediker by die eksegese aan die hoorder in duidelik hoorbare beelde oorgedra.

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die taal as draer van die preekboodskap. Daar sal ook kortliks verwys word na die letterkunde wat as hulpmiddel dien om die prediker se taal 'n beeldryke taal te maak. Die Bybel is ook 'n geskrewe boodskap. Dit beteken dat die Bybel letterkunde is. Aan hierdie letterkunde moet ook gehoor gegee word. Hoe doen die prediker dit? Hierna sal ook slegs kursief verwys word.

**1. Kreatiewe taal as skepping in die prediker se mond**

Schmidt (1985:11) se aanhaling: "Kreatiwiteit is die uitdrukking van God se skepping in my hande, oë, verstand - in my hele wese. Om te skep is die uitdrukking van 'n persoon se goddelikheid, om sodoende sy daaglikse stryd om oorlewing te oorkom" is ook hier van toepassing. Die woorde wat God aan die prediker gegee het om te *praat*, om gedagtes oor te dra, om die preek aan ander uit te druk sodat hulle reageer, is 'n lewende en skeppende gawe wat die

prediker van God ontvang het. Oor hierdie God kan die prediker alleen *lewend spreek*... in lewende taal!

Oor die kreatiewe taalgebruik van die prediker sê Bingle (1986:83): "Die prediker moet die innoverende en vernuwende krag en potensiaal wat taal in hom het, aanwend en optimaal benut. Dit verhoog die moontlikheid om kommunikatief effektief te verkeer".

Die prediker moet sy/haar woorde so kies dat dit altyd nuut, helder en vars bly. Preekmaak is 'n kreatiewe, taalskeppende werk. Daarom moet die prediker ontslae raak van clichès, dieselfde uitdrukkinge elke Sondag en vervelige taalgebruik (Pieterse 1985:233). "Holklinkendheid word so dikwels verberg agter hoogklinkendheid" (Bingle 1986:83). Gestolde taal is eerder 'n stremming vir kreatiewe prediking as wat dit bevorderlik is. Dit is maklik om aan te voer dat die prediker kreatief met die taal moet omgaan, maar hoe kom hierdie versugting by die praktyk uit? 'n Paar moontlikhede sal ondersoek word.

**2. Kleur die preek in**

**God die digter**

*chilli is deur 'n digter gemaak*
daar is meer poësie in die sneeuvlokkie
as in die letterkunde en baie meer poësie
in die miskruier in die toktokkie
in die meteorologie en entomologie
in die moremis en die bergpiek
die horison wat in die hemel wegraak
is die rooswolk is daar baie meer liriek
die aarde is deur 'n digter gemaak

Uit *Driepas* (Cloete 1989:49)

Oor hierdie skepping praat die digter met vaardigheid. Die digter ontsluit die siel van die mens, van die skepping. In hierdie gedig weet die leser dadelik wat die digter wil sê. Die leser begryp

die grootheid van God sonder dat te veel gesê word. In ekonomiese woordgebruik sien die leser hoe iemand die aarde geskep het, wat so groots is, so mooi, dat dit slegs 'n digter kan wees: God.

Dit is meestal die beginprobleem van elke preek. Die prediker gebruik te veel woorde om 'n gedagte te illustreer dat die gedagte verlore gaan. Hoe korter die woorde en sinne, hoe makliker kan dit begryp word. Daar is vasgestel dat sinne wat tien sekondes in tydsduur oorskry die opnamekapasiteit van die toehoorder oorskry (Breytenbach 1988:8). Tussen dit wat die prediker wil sê en dit wat die prediker gesê kry, moet so min as moontlik van mekaar verskil. Die prediker moet dus in die eerste plek wys op iets wat alte maklik as vanselfsprekend aanvaar word, dit is: die prediker moet sê wat hy/sy wil sê, en sê dit met so min as moontlik woorde, want hoe meer woorde hy/sy het, hoe groter is die moontlikhede vir foutiewe interpretasie. Laat die preek dan eerder vyf minute korter wees, maar vyf minute duideliker. Dit is een van die heel grootste geheime van kreatiewe skryf: die selfdissipline om oor te skryf, om gedagtes weer en weer te formuleer (Du Plessis 1992:420). Die prediker moet dus nie aanvaar dat die eerste geskrewe poging van sy/haar preek voldoende is nie. Die preek moet altyd maar weer oor geskryf word, ondersoek word en heroorweeg word. Die vraag kan gedurigdeur gevra word: Sal die hoorder hierdie beeld verstaan?

Dit bring ons by die volgende probleem. Taal moet helder wees. Wanneer die taal van die prediker nie 'n beeld laat oopgaan of effektief aan die hoorder verduidelik nie, is die doel van die preek nie bereik nie. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat daar in die prediking, wat kommunikasiegebeure tussen God en sy verbondsvolk is, met eenvoud en helder taal gepreek sal word (Bingle 1986:83).

Hierdie helder en duidelike preektaal is egter makliker gesê as gedaan. Dit is die taak van die prediker om Bybelse beelde, asook die beelde en verstaan van die teks wat hy/sy aanvanlkik gehad het, aan die hoorder oor te dra. Dit veronderstel dat die verwysingsraamwerk wat die prediker van die teks het, by die verwysingsraamwerk van elke hoorder moet uitkom. "Met die term verwysingsraamwerk word verwys na 'n intersubjektiewe sisteem of struktuur van verwagtinge, of ook 'n spesifieke geestelike ingesteldheid waarmee enige leser 'n teks kan benader en wat berus op leeservaring" (Breytenbach 1988:135).

'n Taal of begripsimbool werk goed wanneer dit by die hoorder 'n verwysing opwek, soortgelyk aan die verwysing wat dit by die prediker het. Dit is dus baie belangrik dat prediker en hoorder 'n gemeenskaplike verwysingsveld moet hê om die kommunikasie te laat slaag. Helder taal, wat 'n beeld effektief beskryf, kan meehelp dat die verwysing van die prediker en die verwysing van die hoorder oorvleuel. "Most of us preachers, however, are accustomed to preach by exposition, that is, we explain concepts and ideas. The television audience, however, understand ideas when they are not only explained but presented with language rich in visual imagery. That is why examples and illustrations are so important" (Rogness 1994:25). In die letterkundeskat kan veel geput word om beelde helder en sprekend te maak. In 'n onvermoë om te beskryf waar God nou eintlik is kan daar byvoorbeeld gekyk word na "*Die ganse dag is ene God*" deur Jan Swanepoel.

soos destyds is U ook vandag
nie in die donker onweer nie, nie
in die weerlig wat die hemel
helblink skeur as teken
van u krag; al luister
ek hoe fyn vandag: selfs in die ligte
ruising van die wind is U
ten ene male nie, maar oral
in my oë en ore: die ganse dag
is ene God: 'n swaeltjie
swenk en vou die hemel
blou-blou om sy rug 'n geelvink
sketter vol van son vandag
weerklink U in my kind
se klaterende skaterlag.

Uit: *Digters en Digkuns* (Nienaber 1984:232)

God is nie in 'n plek nie, God is oral. Die hele dag is God. Hierdie beeld help die prediker om die alomteenwoordigheid van God konkreet uit te druk. Die beelde wat hierdie digter gebruik om die almag van God uit te druk is eenvoudig, verstaanbaar en helder.

*Duidelikheid en helderheid moenie gelykgestel word aan simplisiteit nie*. Die prediker moet bedag wees op duidelike helder en deursigtige taal, eerder as om die lewe as simplisties af te maak. Waarheid en diepte van gevoel kom nooit beter tot uiting as in eenvoud nie. Dit is groot waarheid dat 'n mens jou eenvoudig en duidelik kan uitdruk net as jy volkome helderheid het oor wat jy wil sê (Bingle 1986:92).
Die prediker kan alleen effektiewe preekbeelde gebruik wanneer hy/sy vertroud is met die taal. Hy/sy kan alleen vertroud wees met die taal wanneer daar gelees word. "If preaching is...two-thirds listening, then the preacher can learn much from intensly reading and listening to literature. Among the arts, literature has the capacity to engage us totally, to carry us away, so that the body, mind and soul are given to the experience of other people, to times and places that invite us away from the taken-for-granted and into the mysterious heights and dephts of human existence" (Rice 1991:104).

Die prediker moet lees. Die belangrikheid en noodsaaklikheid van lees kan nooit genoeg beklemtoon word by die skryf van 'n preek nie. Die literatuur weerspieël die gebeure van die dag. Dit hou die leser in kontak met die gebeure rondom hom. Die kreatiewe prediker se storie-bibliografie moet net so groot wees as sy teologiese-bibliografie. Wanneer die prediker genoegsaam lees word 'n hele wêreld van beelde oopgesluit. Hierdie beelde kan help om die preek effektief te kommunikeer.

Die moderne literatuur help ons ook om kleurvolle beelde te gebruik in die prediking. Om 'n hoorder se aandag vas te vang, moet die taal waarin die prediker praat kleurvol wees. Rogness (1994:40) sê: "Be a poet in the pulpit, not a bureaucrat or professor". Die prediker moet meer waag, meer opgewonde en lewendig wees in sy/haar taalgebruik. 'n Prediker se taal moet vol krag en energie wees met 'n kwinkslag wat tref. Die volgende voorbeeld kan geneem word:

*Beeldlose taal*:
God is in beheer van ons lewens. Hy beheer my smarte en vreugdes. God beheer my hart. Daarom moet ek berus.

*Beeldryke taal*:

God is in beheer van ons lewens. Soos 'n glas wat tril wanneer 'n vinger met die regte druk daarop streel, so is God ook in beheer van ons lewens. Wanneer die vinger vinniger streel, word die geluid skriller. God weet van elkeen van ons se pyn en vreugdes. Hy beheer dit. Sy vinger streel ons asof ons die glas is. Omdat God ons streel, kan ons smartsang stil word.

Hierdie beeld is geneem uit Ernst van Heerden se *Musiek* (Nienaber 1984:104). Met beeldryke taal word dit wat soms abstrak voorkom en onverstaanbaar is, verstaanbaar en duidelik. Hierdie beelde kan egter slegs oopgesluit word wanneer die prediker literatuur lees. Wanneer die prediker lees, word sy/haar verbeelding ook aangewakker.

**3. Verbeelding/Fantasie**

Om 'n geskrewe teks te laat leef, het 'n prediker verbeelding nodig. Met 'n verbeelding kan die prediker die verhaal van die Bybel met krag aan die hoorder oorvertel. Hierdie verhaal word dan die verhaal van elke hoorder.

Die kerk het sy verbeeldingskrag verloor. In die middeleeue het die skilders die verhaal van die Bybel teen die mure van die kerk geverf. Dit was alles deel van die groot verbeelding wat teenwoordig was by die kerk. Vandag het ons nie meer daardie kuns in die kerk nie. Saam met die verlies van die kuns in die kerk, het die kerk ook sy verbeeldingskrag verloor. Ons het vergeet wat dit is om op 'n verbeeldingstog te gaan en weer opnuut God te ontdek.

Fantasie deurbreek die starheid en monotoon van die normale lewensgang. Fantasie gee perspektief en verhelder die rede. Dit hou verband met die vermoë van die mens om afstand te skep tussen homself en sy situasie om sodoende 'n beter perspektief op die verlede, hede en toekoms te kan verkry. Fantasie en verbeelding is twee woorde wat soms afwisselend gebruik word.

Verbeelding hoef nie die rede te bedreig nie. Dit is natuurlik om te fantaseer. 'n Samelewing wat nie meer fantaseer nie ontwikkel 'n geslote leefstyl. Die prediker wat nog 'n verbeeldingskrag het, kan 'n verbeeldingryke en kreatiewe preek lewer.

In die Bybel gryp die verhaal, die gelykenis en die wonderwerk die verbeelding aan. Met verbeelding word die hoorder in die wêreld van die teks ingelaat. "Good imaginitive sermons create involvement as we use them to evoke past experiences and induce familiarities" (Skinner 1990:109).

Sonder fantasie as deel van die mens, krimp sy psigiese en geestelike belewing en word die mens minder mens. Deist (1990:33-34) sê dat die kind deur sy spel en fantasie gedurende die grootwordproses verander. Hy word 'n werklikheidsfanatikus wat presies wil weet hoe dinge werk. Ons moet alles in ons vermoë doen om hierdie fantasiewêreld nie te verloor nie. Hoe meer die mens sy kinders help om aan die fantasie, die vierde dimensie, vas te hou, hoe minder probleme het die kind later in sy geloofslewe. Sonder hierdie verbeelding kan ons nie die werklikheid van God, en dit wat ons nie kan verstaan nie, koppel nie. Fantasie is dus belangriker as wat ons baie keer wil toegee.

Vir die erediens, geloof en prediker is die fantasie onontbeerlik. Wanneer die Heilige Gees die mens in die geloof lei, is fantasie aktief betrokke by hierdie begeleiding. Fantasie en die Heilige Gees gaan hand aan hand by toekomstige openbaring. Ook in die apokaliptiese verwagting speel fantasie 'n belangrike rol. Wanneer ons oor die wederkoms praat, kom fantasie in werking, word dit in beweging gesit. Sonder hierdie fantasie oor die wederkoms is dit vir die huidige situasie van die mens irrelevant. Fantasie dui dus op 'n verwagting. "Phantasie, in die sich Heiliger Geist hineinmischt und hinein-vermengt, wird zu einer Kraft der Neuschöpfung, wird kreativ" (Bohren 1971:272).

'n Mens kan amper die stelling maak: met fantasie is enige iets moontlik. Met fantasie beplan ons die toekoms, droom ons oor ander wêrelde en poog ons om ons huidige omstandighede te verbeter.

Ook in die verlede tyd het die fantasie bestaansreg. Dit is 'n uitdrukking van die vryheid. Dit is daartoe in staat om oor tyd en ruimte te "vlieg" en die onmoontlike te laat slaag. In die verhaal van God oor die mens word die hoorder deur verbeelding deel van die storie. "They stimulate our emotions so that we feel as the story characters feel and are encouraged to identify like situations and concerns wich touch our lives" (Skinner 1990:102).

Christus is verheerlik. Met behulp van die Heilige Gees verheerlik ons God in ons lewens en in die gemeente met sang. Wie sonder fantasie God loof, se lof is moeisaam en vervelig. Daarteenoor is die lof in fantasie 'n nuwe loflied. Met hierdie lof word daar elke keer opnuut besef wat Christus gedoen het aan die kruis, en dan is my "lof-fantasie" sonder grense. Daarom moet dit altyd 'n nuwe lied wees.

Die prediker moet dus poog om sy/haar verbeelding te behou en te oefen. Met 'n verbeelding kan die prediker kreatief met die Woord en met die woordskepping omgaan.

**4. Die kortverhaal en die preek**

Die prediker het baie maal nie werklik genoeg tyd om ook aan sekulêre literatuur aandag te gee nie. Daarom is die kortverhaal van waardevolle belang. Die kortverhaal is 'n medium waarin daar in 'n kort tydsgreep aan die leser 'n storie vertel word. Die prediker kan by hierdie skryfkuns aanklop in die vorming van die preek. In die Vakdidaktiek: Afrikaanse Moedertaal voer die redakteurs die volgende grondbeginsels vir die kortverhaal aan wat van hulp kan wees by die preekmaak proses.

i) die verhaal het as grondstof mense, hul handelinge en hul lotgevalle.

ii) ...daar is sprake van botsing en konflik....

iii) ...daar is nie slegs handelingsverloop of beweging in die kortverhaal nie, maar ook beskrywing en besinning wat staties of stilstaande is. Hierdie verhouding tussen beweging en besinning bepaal die verhaaltempo.

iv) Die spanning in die kortverhaal berus op die raaisels of raaisels wat geleë is in die gebeurtenisse....

v) daar is gewoonlik sprake van verandering in die loop van die verhaal.

Die prediker kan hierby leer. Die preek is vele male baie voorspelbaar. Die prediker begin deur sy tema aan te kondig en dan vanuit die staanspoor die oplossing tot die probleemstelling te gee. In die kortverhaal word 'n probleem geskep, die probleem toegelig met karakters in hierdie probleem. Daar is 'n duidelike konflik teenwoordig in die kortverhaal, hetsy in situasie of tussen karakters. Hierdie probleem word verder toegelig, uitgebrei deur handeling of stilistiese besinnings.

Die preek ook. Die prediker moet leer om sy tema of boodskap toe te lig met relevante inligting. Inligting wat die hoorder kan boei. Hierdie inligting belig die konflik situasie waarin die hoorder hom/haarself bevind. Ons is in gedurige konflik met die wêreld. Jesus bid in Johannes 17: *"Ek vra nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat u hulle van die bose moet bewaar"*. Dit is hierdie konflik: die konflik met die bose, met my naaste, met God, wat in die prediking moet gestalte vind. Hierdie konflik moet aangespreek word en uitloop op 'n ontknoping. Die hoorder moet gespanne wag op 'n oplossing - en wanneer die preek dan ontknoop: moet die hoorder tevrede wees met die antwoord. Die verandering wat 'n mens in die kortverhaal vind, moet ook sigbaar wees in die preek. Die preek mag nie staties wees nie. Dit moet bou tot 'n klimaks. Hierdie klimaks moet die hoorder beweeg tot aksie.

Vervolgens gaan daar gekyk word na die teksvorme en preekvorme wat voorkom.

**5. Preekvorme**

Omdat die Bybel 'n geskrewe teks is, beteken dit dat dit die Bybel ook geskryf is in verskillende *genre*'s. Vos (1995:260) meen dat: "...en hoewel die leesproses 'n kreatiewe en dinamiese proses is, mag daar ook nie teen die grein - die literatuursoort - van 'n teks gelees word nie. Die homileet moet die kreatiewe interpretasieproses laat lei en begelei deur die literatuursoort van die teks waarmee hy besig is. Indien die leser of homileet vrye teuels gee, dan het 'n mens eintlik nie 'n teks nodig nie".

Soos reeds gesê moet die prediker hom/haar laat lei deur die teks. Die teks behoort die prediker 'n aanduiding te gee hoe die preekvorm daar moet uitsien.

**5.1 Die homilie**

Hierdie vorm het heel waarskynlik sy oorsprong in die Sinagoge gehad. In sy oorspronklike vorm is die homilie informeel van aard en met 'n gesprekskarakter. Die orde van die preek word deur die teks bepaal wat vers vir vers op informele styl uitgelê en toegepas word. Vir die homilie moet daar 'n skopus bepaal word sodat die preek met 'n hoofgedagte in 'n rigting beweeg. 'n Goeie inleiding om die hoorder en teks bymekaar te bring is nodig, so ook 'n slot wat die hoorder wegstuur met die kernwaarheid van die teks. In die homilie kom dit om kommunikasie en dialoog neer, en dit vereis 'n deeglike skrifuitleg (Kellerman 1993:180).

'n Voorbeeld kan uit Romeine 8 geneem word. Die teks word argumentatiewe wyse aangebied. Hier gaan dit oor die oordeel van mense.

*Wie veroordeel ons? Mense. Wanneer ek nie dit of dat doen nie, dan is ek in die sop. Wanneer ek nie genoeg geld maak nie, dan is ek nie goed genoeg nie. Wanneer ek staan vir my Christelike beginsels, pas ek nie in nie.*
*Geweeg, geweeg, te lig gevind. Mense veroordeel my. Ek sit liewer in die huis. Maak die deure toe. God moet maar die werk buite doen...*

**5.2 Die teks-tematiese**

Hierdie is 'n sintetiese preekvorm wat onder 'n bepaalde tema of onderwerp 'n paar aspekte aanspreek. Dit het 'n sterk invloed by die Griekse Retorika. Ons moet daarteen waak dat die tema nie die teks bepaal of word nie. Daar moet altyd vanuit die teks gewerk word. Die tema van die teks hoef nie noodwendig 'n omstrede saak te wees nie - mits dit die sentrale boodskap van die teks weergee en die preek self getroue Skrifuitleg sal wees. Die mees basiese struktuur van hierdie preekvorm is 'n begin, 'n middel en 'n einde (Kellerman 1993:181-183).

Die tema van die volgende preek was om te kyk of 'n mens die doel van Jesus se wonderwerke kan vasstel. Die teks is uit Johannes 4 geneem.

*Vraag: Kan Jesus vandag nog wonderwerke doen? Ek wonder? Klink dit bekend? "From a distance the world seems like my friend, even though we are at war. From a distance there is harmony, and it echo's through the land, it's the voice of peace, it's the voice of hope, it's the voice of every man... From a distance God is watching us, from a distance". 'n Mooi liedjie en het die hele wêreld in trane, selfs 'n stille emosie. Dit laat my dink aan 'n verhaal wat ek gehoor het van die tweede wêreld oorlog...*

**5.3 Naratiewe prediking**

In die afgelope eeu het hierdie preekvorm op 'n dinamiese wyse op die voorgrond getree. Met die oorheersing van die Griekse Retorika het hierdie preekvorm skade gelei.
Deur die vertel van die verhaal het die Bybelskrywers onder leiding van die Heilige Gees die heilsgeskiedenis van die Bybel weergegee (Kellerman 1993:184). Die Bybel is dus 'n

verhaalboek. In die boek gaan dit om God se verhaal met mense en die wêreld. Daarom is dit ook nie vreemd dat die verhalende preek 'n uitstekende manier is om God se verhaal met mense vir vandag te vertel nie (Vos 1995:445). Die post-moderne mens word ook daagliks met die verhaal gekonfronteer. Die mens se lewe is 'n verhaal en die gebeure van die dag werk daartoe dat sy lewensverhaal geskryf word.

Hierdie manier van preek is egter nie 'n eenvoudig en maklik hanteerbare vorm nie. Nie elke storie werk nie. 'n Prediker kan byvoorbeeld 'n storie vertel wat nie die teks uitlig nie, maar eerder verduister. Greidanus (1988:152) lig drie probleme uit in die narratiewe prediking: (1) Die narratief kan nie by elke teks toegepas word nie, en 'n hoorder raak gou verveeld indien hy elke Sondag dieselfde "storie-styl" moet aanhoor; (2) die verhaal kan maklik geïsoleer word van die res van die Bybelse teks; (3) die narratief kommunikeer meesal indirek en kan misverstaan word en laastens (4) kan 'n onvoltooide storie wat die leser self moet eindig, nie die boodskap effektief oordra nie.

In die narratiewe preekvorm moet die verhaalgenre goed bekyk word. Die verhaal is 'n doelbewuste artistieke weergawe van 'n bepaalde storie, sodat die aanbiedingswyse self ook betekenisvol is. Die storie as 'n soort dieptestruktuur is dus onderliggend aan die verhaal. Die verhaal word georden deurdat daar aan die begin 'n tema gestel word en in die vorm van 'n plot aangebied word. Daarna volg 'n middelstuk waarbinne die plot gekompliseer word en dan 'n einde waarin die tema ontknoop word, en die tema aan die ontvanger van die storie oorgedra word. Tyd en ruimte speel dus 'n belangrike rol in die verhaal. Met die verhaal word die werklikheid gerealiseer, word aandag verkry en behou, word daar deur identifisering tot selfontdekking gekom, word verteller/ prediker aan hoorder/leser gebind (Kellerman 1993:184).

Die verhale betrek die hoorders in die verhaalgebeure. Dit is nie net maar 'n verhaal oor mense nie, maar dit is 'n verhaal vir hierdie mense wat luister. Deur die verhaal kan hulle met die karakters, die gebeure en die waarde wat die verhaal kommunikeer vereenselwig of dit selfs van die hand wys (Vos 1995:446).
Die verhaal besit 'n dinamiese karakter en is toeganklik vir alle mense. Die verhaal verklaar homself as dit goed vertel word. Sonder verbeelding (soos in punt 3 bespreek) en kreatiwiteit kan narratiewe prediking nie werklik slaag nie. Verbeelding maak dit vir die prediker moontlik om

die wêreld van die teks te betree, sonder om te fantaseer, en die verborge waarhede op verantwoordelike wyse vir die hoorder sigbaar en lewend te maak. Op kreatiewe wyse moet die verhaalteks van die Skrif dan oopgevou word en aanskoulik en sinvol aangebied word (Kellerman 1993:185).

Die liefde vir die vyand in Matteus 5 was nog altyd moeilik om te verstaan. 'n Inleiding tot 'n narratiewe prediking om hierdie gedeelte te verduidelik kan soos volg daar uitsien:

*In 'n veraf geleë dorpie, het 'n pa en sy kinders gebly. Daar was nie baie water nie. Dit was maar droog. Die kinders se ma het lank terug gesterf.*
*Die Pa was 'n gelowige man. Hy het elke dag moeite gedoen om Bybelstudie te doen. Hy het God vertrou met sy hele lewe. Hy het geglo dat God hom elke dag help, en gebruik om ander mense vir die Koninkryk van God te bereik. God was by hom in sy werk, by die huis en in sy ontspanning. God was vir hom meer as net nog 'n God. God is volmaak. God se liefde was vir die pa nie net 'n begrip nie, maar eerder iets wat hy moet doen om te wys hoe groot God se liefde is. Maar die pa het geweet dat hy net 'n mens was en dat hy maar net kan doen wat hy kan. Daarom het hy ook gegee wat hy kan...*

**5.4 Die Poëtiese preek**

Daar is so baie poëtiese tekste in die Bybel. Die poëtiese beweeg 'n mens op 'n diep vlak van jou gemoed en juis daarom het dit so 'n groot krag. "In die prediking kan 'n mens deur hierdie preekvorm trag om die gemeente iets te laat beleef, soos byvoorbeeld 'n gebed, 'n toewyding, troos van die Heer, verlustiging in die Heer, versugtinge uit smart en nood tot die Heer ensovoorts" (Pieterse 1985:223).

Poëtiese prediking is nie die vorming van 'n lang gedig nie, eerder die skepping van 'n atmosfeer. Cilliers (1998:77) meen 'n Gereformeerde erediens kan beteken dat die volle Skrif tot sy volle reg kom (*sola Scriptura)*. Dit kan egter òòk beteken dat die gemeente duidelik verstaan wat God volgens die teks **doen**, maar ook waarin hulle in die styl denke en dade en emosie, klag en lof en aanbidding, kortweg: die mens in sy en haar totaliteit insluit. "gereformeerde eredienste kan 'n ryk inhoud en diepte hê, maar ook 'n sekere 'styl', 'n skoonheid, 'n kunssinnigheid, wat ontleen is aan die 'styl' van die Bybel, maar ook 'n eietydse, in ons geval (post)moderne aanslag".

Vos (1995:449) deel dat poëtiese taal onder die narratiewe prediking in. Hy is van mening dat elke preek van poëtesie taal (liefdestaal) gebruik moet maak. "Die poëtiese preekvorm moet sodanig wees dat die hoorder lojaal toegeken, bygevoeg en gedeel kan word. Indien dit gebeur is daar 'n verskeidenheid en 'n eenheid in die hoor, verstaan en aanvaar van die preek". Cilliers en Pieterse se mening dat 'n poëtiese preekvorm as 'n selfstandige vorm naas die ander preekvorme bestaan, word ondersteun.

**6. Samevatting**

Hoe kan die prediker die verhaal- en poësiekuns in die preek gebruik. Hier gaan dit om die beeldspraak en die raakvat en raaksien van die mens se emosie en bestaanstoestand deur die kunstenaar. Die prediker (kunstenaar?) kan die roetine breek en God weer opnuut ontsluit vir die hoorder, soos wat 'n blom elke oggend uitreik na die sonstrale.

Dit is belangrik dat die prediker se taal keurig gekies word. Hierdie taal moet verstaanstaal wees, taal wat vensters is op God se siel.

Die Kortverhaal kan nie alleen help met die strukturering van die prediker se boodskap nie, maar ook 'n wêreld waarin die prediker leef, onstluit.

Die poësie help die prediker om effektiewe beelde te gebruik in die preekboodskap in alle preekvorme. Hierdie beelde maak nie net die teks vir die hoorder 'sienbaar' nie, maar ook duidelik en helder.

HOOFSTUK 4

# WOORDE WAT SIGBAAR WORD

## 1. Inleiding

Die hele Bybel is die Woord van God. God gebruik mense as intrumente om hierdie Woord aan mense oor te dra, hetsy deur onderig en lering, waarskuwing, persoonlike gesprekke en die preek.

Prediking is die medium waardeur die hoorders blootgestel word aan die Woord van God. Prediking is ontmoeting tussen God, die prediker en die hoorder. Prediking is nie net 'n mededeling nie, maar 'n "in werking stel". Dit wil die hoorder tot beweging bring. Daarom moet hierdie ontmoeting geslaagd plaasvind. Prediking is die ontsluiting van 'n teks wat eers mondelings oorgedra is. Die Bybel het ontstaan in 'n tydperk waar die gedagtes en woorde mondelings oorgedra is na die hoorder en volgende generasie (Rogness 1994:13). Hierdie teks is later op skrif gestel. Dit is die teks waarmee die prediker vandag werk. Die prediker moet egter nou weer die geskrewe teks 'n visuele en hoorbare teks aan vandag se hoorder maak. Die probleem is dat daar in vandag se "geskrewe samelewing" ook geskrewe opleiding plaasvind. Predikers word geleer om die teks op skrif te stel, notas af te neem, eksamens af te lê ensovoorts. Nie veel aandag word aan die mondelingse oordrag gegee nie.

Ons moet erken dat vandag se hoorder in 'n ander ruimte groot word waar die gesproke kommunikasie nie meer die enigste vorm van kommunikasie is nie. Met die koms van televisie, internet en alle ander vorme van kommunikasie is die prediking maar nog net een vorm van kommunikasie tussen al die ander vorme. Dit is moontlik een van die redes hoekom die prediker Sondag na Sondag sukkel om die boodskap tuis te bring by die hoorder. "On Sunday morning we find ourselves standing in front of people whose main form of communication is to watch electronic images on screen. They are hungry for the good news of the gospel, but often it is not getting through to them" (Rogness 1994:21).

Die kenmerke van massakommunikasie is dat die spreker of skrywer baie mense op dieselfde tyd bereik deur tegniese middels wat beskikbaar is (TV, media, lesings, ensovoorts) te gebruik. In die massakommunikasieproses kry die hoorder egter nie geleentheid of word hy/sy nie gedwing

om te reageer nie op wat gehoor of gelees is nie (Vos 1995:146). Massakommunikasie is daarop gerig om soveel moontlik mense op dieselfde moment te bereik en beïnvloed (Dingemans 1991:138). Pieterse (1985:123) maak die volgende ooreenkomste tussen die kommunikasieproses tydens die preekgebeure en massakommunikasie: Albei vind in die *openbaar* plaas. Die prediker moet egter daarop let dat hy moet voorberei om die enkeling aan te spreek. Die tweede ooreenkoms is: die *ewewig* in die kommunikasieproses is *vervorm*. In massakommunikasie is die deelnemers op ongelyke voet. In die prediking is die gesag van die prediker die rede vir die ongelyke vlak waarop die kommunikasie geskied. 'n Derde kenmerk van die massakommunikasie is dat *terugvoering moeilik en twyfelagtig is*. In die prediking is dit ook dikwels so.

'n Belangrike veskil tussen die massakommunikasie en die prediking is dat die prediker persoonlik betrokke is by die hoorder. By die massakommunikasie is die hoorder 'n passiewe luisteraar wat nie direk aangespreek word nie, en in die erediens is die hoorder 'n luisteraar wat bewus is van die direkte aanspraak wat daar op sy/haar lewe gemaak word.

Die prediker kan by die kuns van massakommunikasie leer om in sy/haar prediking meer effektief en kreatief te wees. Die massamedia het ontstaan uit die essensiële lewensdrang om te kommunikeer. Kommunikasie is die proses waarmee die individu sy/haar omgewing skep en mee omgaan. Vir die mens is sy omgewing egter meestal simbolies van aard en is dit die wyse waarmee sy realiteit gereflekteer en geïnterpreteer word (Vos 1995:158). "...for this reason the study of communication involves the study of symbol or message related behaviour". Dit lê die grondslag vir die massa media. "To a great extent, the symbolic environment is defined, diffused, redefined and perpetuated through mass communication institutions" (Lemon 1989:14).

Die prediker moet besef dat hy/sy in 'n hedendaagse situasie vir 'n "ander" gehoor preek. Indien die prediker sy/haar preek lewer soos vir die vorige generasie, gaan die prediker die hoorder verloor. "If we preachers do not understand the TV audience, we will be as effective as a movie theater wich tries to draw crowds with jerky old black-and-white silent movies in this age of wide-screen, brilliant colors, Dolby sound and computer-produced graphics" (Rogness 1994:12).

Hoe preek die prediker in 'n nuwe generasie met soveel massakommunikasie en informasie wat beskikbaar is? Verander die prediker die prediking in so 'n mate dat maar net nog 'n vermaak strategie is? Nee. Daar is geen vervanging van die gesproke woord nie. Die gesproke woord moet en mag nie as oneffektief gesien word en agtergelaat word nie. Prediking moet behoue bly. "Die geloof word nie deur indrukwekkende kerklike programme en kerklike bedrywighede by lidmate en nie lidmate gewek en onderhou nie, maar doodgewoon deur die prediking van die evangelie" (Janson 1984:21). Die probleem is nie noodwendig die prediking nie, eerder die aanbieding daarvan. In die lig van die ooraanbod van die visuele moet die prediker meer kreatief omgaan in die aanbieding van die preek.

Soos reeds gesê verg kreatiwiteit harde werk en toewyding. In hierdie hoofstuk gaan na die kreatiewe lewering van die preek gekyk word.

## 2. Drama en die lewering van 'n preek

Die tydperk vanaf die lessenaar tot by die preekstoel is die tydperk waar daar nog min oor geskryf is. Hierdie tydperk is egter die belangrikste fase in die voorbereiding van die preek. In die voorbereiding van 'n preek praat Janson (1984:18) van om 'n preek te "deliver". Dit beteken nie alleen dat ons met die teks moet worstel nie, maar ook met die aanbieding daarvan.

### 2.1. Instrumente van God.

Die prediker is instrument van God. Paulus praat in Romeine 1 van "afgesonder om die evangelie te verkondig". Wanneer die prediker die Woord *verkondig*, het hy/sy basies twee *instrumente* tot sy beskikking wat hom/haar help om die boodskap effektief oor te dra: Die stem en liggaam. Hierdie instrumente moet ten volle ontwikkel en benut word. Om hierdie instrument verantwoordelik te gebruik verg kennis van die instrument asook 'n strewe na foutlose hantering van die instrument (Louw & Potgieter 1987:219).

Daar kan aangevoer word dat 'n natuurlike verteltrant en die woordverkondiging die enigste noodsaaklikheid is vir die verkondiging van die evangelie. Dit is ook nie onwaar nie. Hier word nie 'n onegtheid bepleit of voorgestaan nie, maar eerder 'n gekontroleerde en visueel aanskoulike aanbieding. Dit maak die prediker nie 'n akteur nie, maar eerder iemand wat sy/haar hoorder in ag neem. Die Aartsbiskop van Cantebury het oor die verskil tussen akteur, wat die aandag van 'n

hoorder boei, en en prediker, wat meesal verveel, die volgende opgemerk: "actors speak of things imaginary as if they were real, while you preachers too often speak of things real as if they were imaginary". In die prediking kan die prediker nie ontsnap van die feit dat hy/sy *gesien* word nie. Prediking is 'n proses van die hele liggaam en nie net die die stem nie.

### 2.1.1 Om 'n preek te praat

Die stem, as instrument van die prediker om die evangelie tot sy/haar hoorder te bring, is soms die instrument wat die minste aandag kry. Die vraag kan gevra word: Indien daar soveel aandag en tyd in die prediking se voorbereiding en eksegese ingaan, hoekom dan ook nie in die lewering en afronding daarvan nie? "Voice and body posture reflect the emphases and emotions which make for creative delivery" (Skinner 1990:301).

In die drama en dramatisering van 'n teks is die stemgebruik van die vertolker/woordkunstenaar die belangrikste. Die vertolker moet nie net streef om hoorbaar te wees nie, maar die effektiewe projeksie van die teks moet ook in ag geneem word. In die oordrag van die dramateks moet op so 'n wyse aangebied word dat die storielyn en intrige nie voorspelbaar sal wees nie. "Unless he allows himself time to listen for the possibilities within himself and the text, and unless he allows time for those possibilities to affect him, the vocal result will always be predictable" (Berry 1978:123).

Dit het ook implikasies vir die prediker. Die stem is die enigste instrument wat Sondag na Sondag ingespan word om 'n boodskap by die hoorder tuis te bring. Die prediker, en daarmee saam die hoorder kan vra: Is my prediking, net met die inkleur van my stem - voorspelbaar?

Die regte stemgebruik begin by die korrekte liggaamlike gebruik en eindig by die teks (die vele aspekte van die teks en die vertolker se kommunikasie daarvan). "The task is to get the voice functioning really efficiently all the time as part of a larger efficiency in the use of the whole body so that the heightened demands of playing a role preaching a sermon... can be easily met because no fundamental change of voice use is called for" (McCallion 1989:2).

McCallion sê verder: Swak stem gebruik se oorsprong lê nie by die spraakorgane nie, maar word veroorsaak deur die individu se swak liggaamlike gebruik.

Linklater (1976:1) gaan verder deur te wys na die invloed wat die alledaagse lewe op die menslike organisme het ... "that tensions acquired through living in this world, as well as defenses, inhibitions and negative reactions to environmental influences, often diminish the efficiency of the natural voice to the point of distorted communication". Dit beteken dat 'n gespanne houding ook sal kommunikeer vanaf die preekstoel.

Die prediker wat beter kommunikasie wil bewerk moet ook aandag gee aan sy/haar spraaktegnieke.

Louw & Potgieter (1987:219-220) gee werkbare riglyne vir die oefening van die stem.

- "Voor elke erediens moet die spiere van die stemvormingsorgane opgewarm word sodat dit nie nodig is om die stem te forseer nie.

... Neurie enige lofpsalm of gesang soos byvoorbeeld Psalm 33 of Psalm 146.

- doen elke oggend en aand ontspannings-, asemhalings- en artikulasie-oefeninge".

Die prediker kan intensiewe eksegetiese voorbereiding doen, effektief daarin slaag om die sprong na die hoorder se leefwêreld vanuit die teks te maak, en nogsteeds die hoorder in die kommunikasieproses verloor. Hoekom? Miskien is dit omdat die prediker se stemgebruik van so 'n aard is dat hy nie effektief uiting kan gee aan die teks nie. Om effektief uiting te gee aan die teks vra vir *dinamiese* spraak.

As die gehoor beïnvloed/oortuig wil word, sal die spreker van *dinamiese* spraak gebruik moet maak. Die pediker/spreker moet bewus wees van die verhouding wat bestaan tussen sy liggaamlike beweging, stem gebruik en spraak kommunikasie (Horner 1970:12).

Die prediker kan op hierdie stadium aanvoer: 'n Opregtheid in die prediking is genoeg. Tog sê Horner (1970:31) is opregtheid, op sy eie, nie genoeg nie. Om *effektief te kan kommunikeer*, moet jy dinamies dit kan uitdruk, dit wat jy opreg glo. Opregtheid het wel enorme potensiële energie, maar om effektief te wees vra dit om geuiter te word met behulp van dinamiese spraak.

Die prediker sal dus bewus moet wees van die eise wat sy/haar teks - en daarmee saam die Bybelse teks, stel. "'Change grabs attention', is a rule which apply not only to different types of

sermons, but also to the use of your voice" (Rogness 1994:98). Met behulp van dramatiese inkleuring van die teks, kan die erediens, en in besonder die prediking, 'n nuwe kreatiewe vorm aaneem. Wanneer God sê *dat Hy die lou Christen sal uitspoeg*, is dit baie sterk terme. Die prediker moet dit nie afwater deur middel van swak vertolking van die teks of voorlesing nie. Volgens Louw en Potgieter (1987:220-221) is dit nodig dat die prediker ook let op stemhoogte, projeksie van die stem, volledige uitspraak van sinne sodat die eindes van jou sinne nie verlore gaan nie, volumesterkte (duidelike hoorbaarheid vir almal in die erediens), tempowisseling, volumewisseling (om harder en sagter te praat), pousering, frasering, stygende infleksies (om te praat met 'n stem wat gedurig hoër as die normale eindig byvoorbeeld: Amen), en beklemtoning van belagrike dele in 'n teks (vergelyk ook: Rogness 1994:98-99; Skinner 1990:303).

Die luisterproses moet gedurig in ag geneem word. Die hoorder hoor slegs 'n gesproke woord en moet in die prediking van die inleiding tot die slot saam met die prediker se gadegtegang geneem word. Dit kan gedoen word, deur deeglike aandag te gee aan die eise wat elke teks ons stel.

### 2.1.2. 'n Preek te "plant"

Die liggaam is, saam met die stem die enigste instrument wat die prediker het om sy/haar boodskap aan die hoorder oor te dra en tuis te bring. Ons het reeds gesien dat die liggaam 'n groot rol speel in die vorming van die stem. Die liggaam is ook die visuele van die preek, dit wat die hoorder **sien** tydens die preek. Daarom is dit belangrik dat die liggaam as instrument ook so gebruik word.

Die fokus van die prediking is juis die moment van lewering. Die voorbereiding is ure se swoeg en sweet, en die lewering slegs 'n klein deel van hierdie preekproses. Die gehoor of hoorder se kritiek is egter selde gerig tot die inhoud en meestal gerig tot die lewering: "Ons kon nie mooi hoor nie", ensovoorts.

Die lewering van die preek is miskien 'n baie klein deel van die preekproses, maar van uiterste belang. Dit is die lewering wat gaan bepaal of die hoorder, hoor of nie. Daarom moet die prediker goed voorbereid in die erediens ingaan. Die prediker moet weet wat hy/sy wil sê, en hoe dit oorgedra gaan word (Andrews 1987:202).

Die situasie moet geoefen word. Om 'n preeksituasie slegs die aand voor die tyd *voor te stel*, kan katastrofiese gevolge hê. Dit is goed om die preek vooraf te "*repeteer*". Hierdeur kan onduidelikhede uit die weg geruim word, handgebare uitgewerk word en die situasie sal nie meer so vreemd wees wanneer die prediker op die preekstoel klim nie (Andrews 1987:204).

Louw & Potgieter (1987:223) gee weer 'n paar riglyne vir die liggaamshouding van die prediker tydens die preek.

> "- Staan regop met die gewig eweredig op albei bene, die een voet effens voor die ander. Die kop moet in die middel van die liggaam wees. Die liggaam moet *geplant* word.
>
> - Hinderlikhede wat die aandag aftrek soos byvoorbeeld aanhoudende oogknip, buitengewone beweeglike wenkbroue, 'n onnodige frons, lippe wat op mekaar gepers word, lippelek of klap met die tong moet afgeleer word.
> - Moenie die gewig van die een voet na die ander wissel nie.
> - Moeinie op en af wip nie.
> - Moenie heen en weer wieg nie
> - Moeinie doeloos rondtrap nie.
> - Moeinie elke woord met 'n kopbeweging vorentoe benadruk nie.
> - Moenie die kateder/kansel met reguit arms vasklem of daarop leun nie. 'n Beweging vorentoe met die elmboog wat op die kansel rus, kan effektief gebruik word om die gemeente intiem te benader of 'n ernstige beroep op hulle te maak.
> - Moenie een of twee hande agter die rug versteek nie".

Om die gehoor te behou en betekeniseenhede van die preek tuis te bring is oogkontak van kardinale belang. 'n Selfbewuste spreker sal oogkontak vermy. 'n Prediker wat teksgebonde is (baie af kyk na notas) verloor die hoorder se aandag (Andrews 1987:206; Stevenson & Diehl 1977:59; Erdahl 1976:58). Die prediker moet sy/haar teks goed ken om hierdie struikelblok te oorkom. "The result of our television mentality is that the preacher must capture and hold the audience's attention by speaking directly to them. Reading the sermon is the best way to kill it" (Rogness 1994:95).

Handgebare moet 'n visuele en sinvolle bydrae tot die betekenis van die boodskap lewer. "Gebare is deurdagte, geoefende handeling; spontane gebare dra nie altyd by tot die verhelderende begrip van die inhoud nie en trek dikwels die aandag op hulleself en moet dus beperk word" (Louw en Potgieter 1987:224). Handgebare moet egter nie onnatuurlik en ingeoefende aksies wees nie. Indien 'n handgebaar nie natuurlik by die prediker voorkom nie, moet dit liefs vermy word. Hierdie metodes bespreek is slegs nuttig wanneer dit geglo word en eg is. Dit is egter nie onmoontlik om ekonomiese handgebare te gebruik, tot voordeel van jou teks en gehoor nie. Ekonomiese handgebare kan en moet ook eg wees. "Your hands are expressive in the best sense only when your whole body is expressive along with them" (Stevenson & Diehl 1977:62).

Die prediker moet ook weet dat gebare verband hou met mekaar. 'n Gebaar moet dus oorvloei in die volgende. Gebare moet nie voltooi word, die hand teruggeneem word en met 'n volgende gebaar begin nie. Dit is belangrik dat 'n gebaar nie voor die gesig gemaak word, want dit verbreek oogkontak (Louw & Potgieter 1987:225). Gebare moet die teks laat *leef*. Die prediker kan die teks, waaraan hy/sy so goed voorberei het, laat *sterf* omdat die prediker nie genoeg aandag gegee het aan die visuele vertolking (laat leef) van die teks nie. Dit maak die kreatiewe lewering van die teks dood. 'n Preek kan ook voorspelbaar wees indien 'n prediker herhalende gewoontes het: aan die begin van die preek leun hy/sy teen die kateder, in die middel drink hy/sy water, wanneer hy/sy opgewonde raak word dieslefde handbewegings oor en oor gemaak, daar word rondgetrippel ensovoorts. Al hierdie gebare en aksies kan steurend tot die hoorder inwerk n veroorsaak die preek nie *gehoor* word nie, omdat die woorde nie *gesien* kan word nie.

Die prediker se stem en liggaam is 'n instrument in God se hande om die Boodskap van alle eeue by die hoorder tuis te bring. Die prediker moet 'n venster wees waardeur die hoorder kan loer om die betekenis van die teks te "sien". Wanneer die prediker die instrumente verwaarloos, is hy/sy eerder 'n geslote deur wat verhoed dat enige iemand kan inkom.

### 3. Samevatting

Die tydperk na die vorming van die preekboodskap en die lewering van die boodskap in die erediens, is die tydperk wat die minste aandag geniet.

Dit is jammer. Dit is hier waar al die voorbereiding van die prediker tot 'n hoogtepunt kom. Daarom is dit belangrik om nie hierdie lewering van die preek as onbelangrik te beskou nie.

Die kreatiewe prediker neem die hoorder saam met hom/haar in die lewering van die teks. Die hoorder word begelei deur die inkleuring van die teks deur die prediker se stem, asook die prediker se liggaams- en handgebare.

Die lewering van die preekteks kan die preek laat slaag of misluk. In 'n tydperk waar die prediker aan die hoorder van 'n massakommunikasie generasie preek, is die visuele in die preeklewering van uiterste belang. Die voorbereiding van die lewering van die preek, is dus net so belangrik soos die voorbereiding van die teks.

HOOFSTUK 5

## KREATIEWE DRAMA IN DIE EREDIENS

### 1. Inleiding

"'n Belangrike funksie van kuns is om die werklikheid te ontbloot. Dit weerspieël die werklikheid soos dit is" (Wesels 1998:11). Die doel van enige kuns, en dan ook die drama, is om 'n perspektief op die werklikheid te gee.

Shakespear het op 'n tyd geskryf: "All the world's a stage, and all the men and women are merely actors, they each play their part". Dit is ook so in die lewe.

Daar word vertel dat in die foyer van die Verenigde Volke organisasie-gebou in New York 'n groot faksimilee van die eerste Sputnik staan, 'n geskenk van Sowjet Rusland met die onderskrif: "This spacecraft represents the greatest scientific development of the twentieth century". Aan die oorkant, honderd voet bo die marmervloer aan 'n enkenle staaldraad, hang 'n Foucault Pendulum, 'n geskenk van die Nederlande. Die swaar blink sweer verskuif sy swaaivlak geleidelik in verhouding met die rotasie van die aarde. Die inskripsie op die sfeer is die boodskap van koningin Juliana aan alle mense: "It is a privilege to live this day and tommorow".

Die wêreld van die twintigste eeu word pragtig in hierdie twee geskenke opgesom. Dit verteenwoordig die post-moderne ontploffing van kennis en ook die voorreg om elke dag te kan leef. Ongelukkig is hierdie lewe baie kompleks. Alles word bevraagteken, alles stort in duie. Soms word die werklikheid te veel om te hanteer. Dit is dan wanneer die mens weer moet begin verbeel, droom, fantaseer. Ongelukkig word die kind en grootmens gedwing om realisties en geïnhibeerd met sy omgewing om te gaan. Die drama wil 'n ruimte skep waarin die spele en hoorder veilig is, kan eksperimenteer. Die drama is die ruimte waar die hoorder kan misluk, mee doen en weer probeer.

Einstein het gesê: "Imagination is more powerfull than knowledge". Dit is hierdie verbeelding, wat ook in hoofstuk 3 bespreek is, wat die drama wil kom aanwakker.

Drama maak gebruik van die totale mens, sy vlees en sy wese. Daarom is dit 'n lewende kunsvorm, meer as die ander bestaande kunsvorme. Mense word voorgestel aan ander mense in

'n situasie, beweging, aksie en verandering. Drama is 'n beweging wat die lewe in al sy glorie aanbied. Die dramaturg neem beweging en aksie, en vorm 'n situasie op die verhoog en hou dit daar totdat die boodskap wat hy wou oorbring by die hoorder ingesink het. Hierdie dramatisering gee die hoorder 'n blik op die begin, middel en einde van die verloop van die lewe. "This view of a selection from life in action enables us to see the extent of our own aliveness or deadness and consequently to walk away from an experience of drama more alive than we have ever been before" (Ehrensperger 1962:15). By die drama, anders as by die ander kunsvorme, is baie min verduideliking en enkodering van die boodskap nodig. Die uniekheid van drama is dat dit die mens tot geestelike groei lei. Dit kan daarin slaag om die een mens met die ander te verenig, en dit kan lei tot groei. Die saak waaroor die drama handel dien as brug tussen die akteur en die hoorder of tussen mens en mens (Ehrensperger 1962:21).

**2. Bibliodrama in die erediens in die plek van prediking**

Vry vertaal kan Bibliodrama beteken: Bybelse drama. Pelser (1983:2) noem 'n *kerk*drama iets wat in die kerk opgevoer word. Dit het egter 'n fyner definisie nodig. Die klem lê op twee plekke: Biblio/bybel en drama. Eerstens kan gesê word: Die drama is 'n oorvertel van 'n Bybelse verhaal en tweedens is dit 'n herontdek vir elke persoon wat 'n karakter vertolk. Hierdie persoon ontdek die verhouding van elke persoon tot homself en tot die ander, en in die proses skep hy/sy 'n ruimte om die rol te herinterpreteer tot die hedendaagse lewe. Om met 'n bibliodrama te werk, beteken dat daar aan beide hierdie elemente reg geskied. In die oorvertel van 'n Bybelse verhaal kom 'n geloofsaanbod en geloofsrelasie in die verhaal na vore. Hierdie geloofsrelasie laat ook reg geskied aan hierdie konkrete mens, met sy/haar ervaringe hier en nou (Derksen & Andriessen 1985:18).

Die definiëring van 'n drama is egter nie so eenvoudig nie.
Mohr (1973:1) skryf: "Drama, whether as simple individual act or as complex communal ritual, was man's primodial expression of spiritual awareness... Through it he could relate himself to nature, and to his concept of divinity".

Alvorens ons na die moontlikhede van die bibliodrama in die erediens gaan kyk is dit nodig om kursief te verneem waar die drama in die erediens vandaan kom.

**2.1 Bibliodrama in die erediens: 'n oorsig**

Die gebruike van die drama in die erediens is nie so ongewoon nie. Die rituele wat in die Roomse kerk plaasvind is al dikwels as *dramaties* beskryf: "Thinking of such elements as: the representation of Christ's Sacrifice in the Mass, the procession on Palm Sunday and the services of Holy Week, the mystical symbolism..." (Donovan, 1958:6).

Hierdie rituele wat in die Roomse liturgie voorkom kan egter nie as drama beskou word nie. In hierdie rituele word 'n situasie nie *nageboots* nie. Daar vind dus nie toneelspel plaas nie. *Nabootsing* is wanneer 'n akteur hom/haarself as 'n ander persoon, eg of fiktief, voor doen. Die belangrikste aspek van drama is dit: 'n storie wat met *aksie uitgebeeld* word. Die sprekers of akteurs boots 'n spesifieke karakter na. Die essensiële woord is **naboots**; en wanneer dit nie plaasvind nie kan die seremonie nie as 'n toneelstuk gesien word nie (Donovan, 1958:6).
Na die val van die Romeinse Ryk het 'n tydperk van byna 800 jaar gevolg waarin daar geen drama was nie. Dit is afgestel, want in die Romeinse teater was "drama ... nie meer 'n instrument wat kon uitlig nie; dit het alle erns verloor en oppervlakkig geword" (Pelser 1983:2).

Reeds voor die 7de en tot so ver terug as die 4de eeu was dit 'n algemene begeerte onder die gelowiges om tonele uit Jesus se lewe te dramatiseer sodat dit herleef kon word (Donovan 1958:7). Die oorsprong van die tipe toneelstukke was troepsang. Die troepsangers het dele van die liturgie geneurie sing. Toneelstukke het later hieruit ontwikkel. Die eerste kerkdramas het bestaan uit 'n elementêre dialoogvorm binne die kerk. Hierdie dialoog het veral ook tot uiting gekom in die sang en antifoniese sang. Later is daar met Paasfees die bekende *Quem quaeritis* opgevoer wat hoofsaaklik 'n dialogiese gespreksvoering was tussen twee engele en Maria by die graf (Van Zyl 1987:90).

Drama in die erediens vandag, en deur die eeue, het al baie kritiek ontlok. Dit is egter nie die doel van hierdie studie om hierop in te gaan nie. Vervolgens kyk ons na die effektiewiteit van die drama in die erediens.

**2.2. Effektiwiteit van drama in die erediens**

Wat is die effek van 'n bibliodrama? Kan dit die erediens vervang? Hieroor is al veel gedebateer: Van der Merwe (1987:88) bepleit dat die Woord slegs deur prediking verkondig moet word. Die effektiwiteit om Bybelse verhale te herskep op 'n verhoog is egter bedenklik; "blote stories oor Jesus (is) op sigself leeg". So, byvoorbeeld, was die kritiek op W A de Klerk se **Pilatus** dat dit baie staties was en dat dit nie die geskiedenis op 'n nuwe, boeiende wyse toegelig het nie. Hierdie kritiek is verstaanbaar, want om die verhaal van die verlossing deur Christus uit 'n nuwe hoek toe te lig kan maklik negatiewe gevolge hê. Vergelyk die kontroversie oor die verskeie Jesus-films van die verlede, wat juis dié tema vanuit verskillende hoeke toegelig het.

Alle "wan"-interpretasies van Jesus was egter nie altyd "sleg" nie. Dit kan ook 'n positiewe impak hê. So is daar 'n evangelistiese drama, met hierdie tema, vir swart mense in Lebowa opgevoer. Die hoek waaruit dit belig is het veroorsaak dat Jesus deur 'n swart akteur vertolk is. Sy liefde vir sy "dissipels" en die mense is sterk beklemtoon. Dit het 'n groot impak op die toeskouers gehad, juis as gevolg van hulle kultuur-historiese agtergrond en gevolglike identifisering met die swart Jesus (**Arbeiders vir die Oes** 1995).

Die moontlikhede van die drama in die erediens is legio. Dit is nie die doel om prediking teenoor die bibliodrama af te speel nie. Die lydingsverhaal van Jesus Christus kan net soveel meer beteken in die visuele voorstelling daarvan as die prediker wat as een man daarvan vertel.

Die kwessie oor die toelaatbaarheid en effektiwiteit van die dramatisering van Bybelse stof kan dus nie maklik opgelos word nie. Die voorbeeld hierbo het genoegsame bewys gelewer dat die opvoering van selfs 'n mimiek wel die boodskap kan verkondig, maar daar sal nie 'n duidelike "ja"- of "nee"-antwoord vir drama verkry kan word nie. Berelson (1949:500) som die situasie goed op: "Some kinds of communication on some kinds of issues, brought to the attention of some kinds of people under some kinds of conditions, have some kinds of effects"

Dit is tog nodig om die effektiwiteit van drama in die erediens te staaf met 'n aanhaling van Rice (1991:121): "To hear a parable... means to submit oneself to entering its world, to make oneself vulnerable, to know that we do not know at the outset what it means. The play is the thing. We are called by the play to pay attention and to enter it".

**3. Drama en die prediking.**

1. Die eerste moontlikheid wat oorweeg kan word is om 'n storie te vertel. Dit is iets wat ons almal kan doen: naamlik die skep van 'n plot, 'n intrige en die afloop daarvan. Daar is ook baie vertelkunste ontwikkel waar verhale van die volk weer herleef word in die hedendaagse wêreld. Dit is die reaksie van die een mens op die ander. Almal het stories om te vertel, almal is deel van stories. Die evangelie is ook 'n storie en hierdie feit lei ons na die dramatisering van die verhaal (Rice 1991:98-100). Die verhalende preek is 'n uitstekende vorm van oordrag van waarheid en om ervaring oor te dra. Wat mense ervaar (dus ook geloofservaring) kan net verhalend vertel word. Omdat die verhaal menslike ervaring oordra, boei dit ook so uitnemend en is dit uiters geskik om 'n waarheid met groot effek tuis te bring (Pieterse 1983:28). Rogness (1994:90) vertel van 'n pastoor wat in die begin van sy prediking onderbreek is, hy vra toe 'n gemeentelid om 'n storie te vertel, hy word toe aangevul deur iemand anders en so het 'n paar mense die storie vertel. Toe hulle klaar was, kom die prediker weer terug. Dit was so beplan.

2. In die kinderdiens kan daar baie vorme van drama aangewend word. Poppekas is al met vele suksesse in eredienste aangebied. Die kuns van mimiek is 'n dramatiese vorm van stildrama wat affektiewe sowel as kognitiewe reaksie by die hoorder wek. Ook bestaan daar 'n "narre-bediening" wat 'n oorsprong het in 1 Korintiërs 4:10 waar staan:
"Ons is **dwaas** ter wille van Christus, julle is verstandig in Christus; ons is swak, julle is sterk; julle geniet aansien, ons word verag". In die Holy Bible staan daar: "We are **fools** for Christ." In hierdie bediening gaan dit om meer as net die nar, dit gaan om die persoon agter die masker. *Eerstens* gaan dit om die uitdeel van lekkergoed nie, maar om die diensbaarheid aan die medemens. *Tweedens* gaan dit in die narre-bediening om kwesbare liefde. Die nar gee sy mag en posisie prys om ander te verhef. Deur lompheid laat die nar weer ander oor hulle eie waarde nadink (Sheaffer 1992:5-15).

3. Dialogiese eredienste is ook 'n inbou van die drama by die prediking. Hier kan kreatief met alle soorte dialoogvorme omgegaan word. 'n Diens kan voorberei word waar twee standpunte verteenwoordig word, byvoorbeeld: alles is van nature so, òf alles is deur genade. Hierdie diens kan voorgelees word, as onderhoud aangebied word of twee karakters: "Meneer New Age" en "juffrou Geloof in God" (Knoche 1977:33). 'n Verdere dialogiese vorm is waar twee predikers op

die preekstoel preek oor 'n onderwerp en met mekaar in gesprek tree. Dit verg egter deeglike voorbereiding.

4. Dialogiese drama kan ook ingebou word vanuit die gemeente. Hier word 'n persoon in die gehoor geplaas wat reageer op die prediker se woorde. In die sekulêre teater word die tegniek met groot welslae toegepas. In die erediens kan dit egter die gemeente so skok dat hulle nooit ten volle herstel nie. Die gemeente luister dan nie na wat gesê word nie. Om dit te voorkom kan die prediker die gemeente voorberei deur te sê dat die diens anders geen wees. Hy/sy hoef nie die geheim weg te gee nie.

5. Daar kan ook van die eerste persoon vertelling gebruik gemaak word. Die prediker kan 'n karakter vertolk uit die Bybel en sy reaksie op sekere gebeure in die Bybel uitbeeld en toepas op die hoorder se reaksie. Die nadeel van hierdie gebruik is dat die teks soms verlore gaan. 'n Deeglike eksegese is dus nodig en 'n deeglike studie van die persoon en sy lewe. Die teks met sy tradisies en verskille moet in ag geneem word (Achtermeier 1980: 80-83). Hierdie vorm van prediking kan ook as monoloog gesien word. Die monoloog is 'n algemeen gebruikte tegniek binne die dramagenre. Die monoloog het bepaalde eienskappe wat ook in die prediking in ag geneem moet word. Die monoloog is eerstens georganiseerd. Dit het 'n duidelike aanvang en einde. Tweedens het dit 'n direkte verbintenis tussen die karakter en die gehoor. As gevolg van hierdie direkte verbintenis kan die monoloog ook verskeie spesifieke informatiewe funksies vervul, onder andere deurdat die karakter kan praat oor wat gebeur het en wat moontlik gaan gebeur, deurdat hy oor ander karakters en/of homself praat. Die direkte verbintenis met die gehoor veroorsaak terselfdetyd dat 'n duidelike emosionele funksie vervul word, aangesien 'n verskeidenheid van emosies en reaksie vanaf die toeskouerkant daardeur ontlok word. Derdens is daar 'n waarheidsgehalte by die monoloog in die sin dat die karater sy gedagtes uitspreek (Mouton 1989:140-141).

Die prediking bevat op sigself ook hierdie karakters en kan met die nodige effek ook in monoloogvorm aangebied word.

'n Voorbeeld uit 'n preek as eerstepersoonvertelling word nou vlugtig na gekyk. Die teks wat gelees word is Matteus 27:47-56. Hier het die prediker homself voorgedoen as Judas. Hy vertel dan die verhaal van Jesus se krusiging soos wat hy dit beleef het.

'n Inleiding kan wees:
*Ek is Judas, van die dorpie Kariot, uit die stam Juda. Baie mense noem my Judas Iskariot. My pa is Simon, 'n bekende houtwerker op die dorp. Ek was, vandat ek kan onthou goed met geld, daarom het Jesus vir my die geldsakkie gegee. Hy het gesê dat ek in beheer van ons geld moet wees. My drome? Ek droom daarvan dat ek eendag in die kabinet 'n hoë pos sal beklee. Ek wil baie geld en baie mag hê. Ek droom dat die Mesias ons uit die verdrukking sal lei. Die Mesias is 'n groot politieke leier, wat ons in oorlog teen die Romeine gaan lei.*

Hierdie preek kan verduidelik word. Ons elkeen is 'n Judas wat die Mesias elke dag met ons optrede kruisig.

6. Die erediens kan ook vervang word met 'n drama wat gegrond is op die Bybel. Hier is talle voorbeelde van dramas wat uit die Bybelse figure geskryf is. Baie van hierdie dramas is in die plaaslike biblioteke beskikbaar.

7. Ook kan die evangelie deur revue, gesang, dans, artistieke tegnieke en musiek oorgedra word.

8. Veelkleurige beweging kan die onhoorbare vermeld - en dit word nie gou vergeet nie. Om te sien hoe akteurs wat in wit aangetrek is en die "lig" voorstel, die akteurs in swart geklee, wat "duisternis" voorstel, oorwin, is baie meer effektief as om dit byvoorbeeld net te sê. Hier kan die storiespel gebruik word.

9. Absurde toneel kan ook 'n plek in die kerk volstaan. Die absurde kan abstrakte dimensies in die godsdiens soos byvoorbeeld geloof, hoop, liefde en vertroue uitbeeld. Efesiërs 6:12 praat van: *"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die sondige magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lig".* Hierdie moeilike begrip kan uitgebeeld word deur 'n paar akteurs in wit en swart geklee. Hierdie akteurs is in 'n liggaamlike stryd met mekaar. Daar is een akteur wat gewone klere aan het. Hierdie vertolker veteenwoordig die toeskouer. Hy word

verstrengel deur 'n tou. Hy het voortdurend 'n stryd om uit hierdie tou te kom. Die akteurs in swart hou die persoon ook vasgedraai. Hulle verteenwoordig die bose. Wanneer die akteur oorwin, kom die akteurs in wit gedraai en oordonder die akteurs in swart. So kan 'n moeilike begrip, van die stryd tussen die bose en die goeie magte in die lig, aan die hoorder oorgedra word.

10. Die erediens kan ook, gelei deur die bybelse teks, 'n voorlesing en vertolking van 'n brief wees wat voorgelees word. Die hele erediens neem dan die vorm van 'n geskrewe brief aan (Rogness 1994:89).

11. Die vorm van prediking word bepaal deur die vorm van die teks. As die oorspronklike doel vandag weer bereik wil word, sou dit dus deur middel van die oorspronklike literatuurvorm moet geskied. Die vorm van die preek moet deeglik rekening hou met die vorm van die teks (Pieterse 1983:27; vergelyk ook Vos 1995:435). Wanneer Paulus dan 'n brief aan die gemeente skryf, hoekom kan die prediking ook nie die vorm van 'n brief aanneem nie? Die prediker kan dan as die "voorleser" van hierdie brief optree.

Ons moet altyd onthou: teater bly teater en die kerk, kerk. Elkeen is sy eie entiteit en het sy eie identiteit en eie funksie in die samelewing. Die kerk en die teater moet dan ook hierdie funksie in die samelewing volstaan en aan hulle identiteit uitdrukking gee. Die kerk moet nooit teater word nie, en die teater nooit preek nie. Die kerk en teater kan egter saam in vervulling kom van elkeen se funksie en by mekaar leen om die evangelie by die hoorder tuis te bring.

Die prediker moet net bereid wees om te waag.

**4. Samevatting**

Die gebruik van die drama in die erediens kan met vele kritiek gepaard gaan. Dit is egter nie 'n ongewone gedagte nie, en deur die eeue is die verhaal van die Bybel en van Jesus Chrisus deur die drama voorgestel.

Die drama is 'n effektiewe medium waardeur die hoorder, onwetend betrek word. Hierdie hoorder word deel van die spel wat voor hom/haar plaasvind. Hierdie spel betrek nie net die

hoorder se aandag nie, maar sy/haar hele lewe. Die drama help die hoorder sy/haar eie lewe in perspektief sien.

Daar kan ook verskeie vorme van drama in die erediens aangebied word.

**5. Konklusie**

In hierdie studie is gekyk na die tradisionle hermeneutiek en die lees van die Bybel met behulp van hierdie metode. Daar is gevind dat hierdie hermeneutiek wel meehelp tot die ontsleutel van die teks, maar daar tog iets kortkom vir die effektiewe verstaan van die teks vir vandag se hoorder.

'n Kombinasie metode is ondersoek waarby al die invalshoeke van die **tradisionle hermeneutiek** so ver moontlik betrek is. Hierdie eksegetiese metode is 'n verdere poging tot die suksesvolle verstaan van die teks vir vandag. Steeds ontbreek 'n sleutel tot die toepassing van die teks op 'n hedendaagse situasie.

Die moontlikhede van 'n **breinkaart** is ontdek. Die breinkaart help die prediker om so veel moontlik vrae oor die teks te stel, gedagtes aan mekaar te hak, en die meeste moontlikhede vir 'n teks te onstleutel. Die breinkaart is voorgestel as hulpmiddel tot die tradisionle hermeneutiek om die teks vir vandag se hoorder verstaanbaar te maak.

Om 'n geskrewe woord te praat is 'n moeilike taak. Die taal van 'n prediker moet beeldryk en kreatief wees. Die hoorder word daagliks in die massamedia blootgestel aan beelde. Daarom wil hy/sy ook in beelde hoor. Hierdie beelde kan ook gebruik word in die erediens. Die prediker kan met behulp van die letterkunde beelde in die erediens skep wat die hoorder kan "sien".

Die geskrewe teks moet nou sigbaar vir die hoorder gemaak word. In 'n wêreld vol *mega*trends en elektronika is dit moeilik vir die prediker om te kompeteer. Die prediker se woorde moet sigbaar wees in die kommunikasie tussen hoorder en prediker. Hy/sy kan die teks laat leef deur goeie en dinamiese stemgebruik. Ook die prediker se **liggaams- en handgebare** kan meewerk tot die ondersteuning van die woorde wat gespreek word.

Die moontlikheid van **drama** in die erediens is ook ondersoek. Die drama skep 'n nuwe werklikheid binne 'n bepaalde ruimte en tyd. Hierdie werklikheid word aan die hoorder gebied. Deur middel van die drama in die erediens kan 'n hoorder se situasie geskep word, asook die wyse waarop hierdie situasie hanteer moet word.

Deur dit alles, is die verbeelding van die prediker sowel as die hoorder van deurslaggewende belang. Met 'n bietjie verbeelding kan ons deur ons starheid breek, en met nuwe oë na God, en sy grootsheid kyk.

## BRONNELYS


Achtermeier E 1980. **Creative Preaching. Finding the words.** Nashville: Parthenon Press

Andrews JR 1987. **Public speaking: principles into practice.** New York: Macmillan

Arbeiders van die oes 1995. Mimiek gerigiseur deur H Marais. April 1995, Lebowa.

Arens HF & Richard F & Schulte J 1974. **Kreativität und Predigtarbeid.** München: Claudius.

Barton J 1984. **Reading the Old Testament: Method in biblical study.** London: Darton, Longman & Todd.

Baumann JD 1984. **An introduction to Contemporary preaching.** USA: Baker Book House Company.

Berelson B 1949. **What missing the newspaper means.** Communication research, 1948-1949. New York: Harper.

Berry C 1978. **Voice and the actor**. London: Harrap & Co Ltd.

Bingle PW 1986. **Taal en vertaal in die prediking; die homiletiese funksie van taal in die prediking as kommunikasiegebeure**. Potchefstroom: PU vir CHO (M Verhandeling)

Bohren R 1971. **Predigtlehre.** München: Chr Keiser verlag.

Breytenbach HS 1988. **Beeld en kommunikasie in die prediking.** Pretoria: UNISA. (DD Proefskrif)

Burger CW & Müller BA & Smit DJ 1983. **Woord teen die lig 2. Riglyne vir lydensprediking.** Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

Childs BS 1979. **Introduction to the Old Testament as Scripture.** London:SCM.

Cilliers J 1998. **Die uitwysing van God op die kansel.** Kaapstad: Lux Verbi

Cloete TT 1989. **Driepas.** Kaapstad: Tafelberg uitgewers.

Craddock FB 1987. **Preaching**. Nashville: Abingdon Press.

Deist F & Vorster WS (red) 1986. **Woorde wat ver kom** (Die literatuur van die Ou Testament Deel 1). Kaapstad: Tafelberg.

Deist F 1990. **Verhinder hulle nie.** Pretoria: Sigma pers

Dingemans GDJ 1991. **Als Hoorder onder de hoorders. Een hermeneutische homiletiek.** JH Kok: Kampen

Donovan RB 1983. **Liturgical Drama.** Amsterdam: Academische Pers N.V.

Dreyer TJP 1989. Poging tot 'n herdefinisie van die prediking binne die raamwerk van die Reformatoriese Teologie. **Hervormde Teologiese Tydskrif.** 45:350-369

Du Plessis H 1992. Taalgebruik in godsdiensuitsendings. **In die Skriflig**. 26(30):419-420.

Ehrensperger H 1962. **Religious drama.** Westport: Greenwood Press, Publishers.

Erdahl LO 1976. **Preaching for the people**. Nashville: Abingdon

Evans D 1979. **Essential interviewing: a programmed approach to effective communication monterey.** Brooks/Cale

Fraser J 1989. The creative process. **Marketing mix.** 7(7):48-49.

Greidanus S 1988. **The modern preacher and the Ancient text.** USA: Eerdmans.

Grové S 1996. **Die breinboek vir vrouens en sommige mans.** Kaap; Nasionale boekdrukkery.

Hendriks HJ 1996. Modernisme: ten diepste ons identiteit? **In die Skriflig.** 30(4):489-501.

Horner AN 1970. **Movement, voice and speech.** London: Methuen & Co. Ltd.

Janson M 1984. Om te preek. **Theolgica Evangelica.** 17(30):18-23.

Jossutis M 1985. **Rhetorik und Theologie in der Predigtarbeit.** Duitsland: Berklumer Druckerei Manfred Siegel.

Kellerman JS 1993. Praktykteorie van die vormgewing van die preek. **Praktiese teologie in Suid Afrika.** 8(2):175-189.

Knoche HG 1977. **The creative task: writing the sermon.** St Louis: Concordia pub. House

Lemon J 1989. Will we get McLuhan to the church on time? The religious dimensions of television. **Communicatio.** 15(2):14-25.

Lategan BC 1987. **Inleidende opmerkings oor resepsieteorie en die uitleg van Bybelse materiaal.** NGTT 28:112-118.

Linklater K 1976. **Freeing the natural voice.** New York: Drama Book Publishers.

Loader JA 1986. De structuuranalytische methoden, (in: Van der Woude AS, **Inleiding tot de studie van het Oude testament.**) Kampen: JH Kok.

Long TG 1989. **The witness of preaching.** Louisville: John Knox Press.

Louw C & Potgieter S (red) 1987. **Spraakopleiding en opvoedkundige drama.** Pretoria: Sigma pers.

Louw JP 1976. **Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks.** Pretoria: Universiteit van Pretoria.

McCallion M 1989. **The voice book.** London: Faber and Faber.

Meij K & Kühn T & Snyman R 1985. **Vakdidaktiek: Afrikaanse moedertaal in die sekondêre skool.** Pretoria: Gutenberg boekdrukkers.

Mohr R 1973. No homage unto the sun. **Lecture series - new series - number 16, Inaugural Lecture.** Kaapstad: UCT.

Mouton M 1989. **Dramateorie vandag: die bydrae van die drama en teatersemiotiek.** Potchefstroom: PU vir CHO

Müller JC 1982. Die Aktuele prediking. **Nederduiste Gereformeerde Teologiese Tydskrif.** 23(1):48-60

Müller JC 1987. Vastheid, variasie en kreatiwiteit in die liturgie. **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**. 3(1):34-42

Müller JC 1992. **Die erediens as fees.** Pretoria: NGKB

Neethling K 1994. **Kreatiwiteit laat jou wondere verrig.** Pretoria: Benedic Boeke

Nienaber PJ & Roodt RH & Snyman NJ (samestellers) 1994. **Digters en digkuns.** Johannesburg: Perskor boekdrukkery.

Pelser AJ 1983. **Evangelistiese drama met die klem op verhoogstukke en rolprente**. Pretoria: Universiteit van Pretoria (MA verhandeling)

Pieterse HJC 1983. Die poëtiese preek: 'n model. In **Vir die musiekleier.** (3)2.

Pieterse HJC 1985. **Verwoording en prediking.** Pretoria: NGKB.

Pieterse HJC 1988. **Die Woord in die Werklikheid. 'n Teologie van die prediking.** NGKB

Pieterse HJC 1991. **Gemeente en prediking.** Pretoria: NGKB

Pieterse H, 1993. **Praktiese teologie as kommunikatiewe Handelingsteorie.** RGN Uitgewers: Pretoria.

Prinsloo WS (s.j.). **Die metodiek van Eksegese in Ou Testament**. Pretoria: Universiteit van Pretoria (notas in besit van outeur).

Rogness M 1994. **Preaching for a TV generation: The sermon in the electronic age.** Limai: CSS pub. co.

Rossouw HW 1980. Hoe moet 'n mens preek. **Scriptura.** 1:7-28.

Rice CL 1991. **The Embodied word.** Minneapolis: Augsburg Fortress

Sheaffer F (ed) & Sewall P 1992. **Clown Ministry.** Loveland: Group books.

Scheafer F 1993. **Addicted to Mediocrity.** Crossway Books:
Illinois

Schmidt L 1985. **Kreatiwiteit: Struktuur, proses en konteks.** Johannesburg: RAU.

Skinner CP 1990. **Creative Biblical preaching**. Pretoria: UNISA (DD Proefskrif).

Spangenberg I 1989. **Perspektiewe op die Bybel**. Pretoria: JL van Schaik.

Stevenson DE & Diehl CF 1987. **Reaching people from the Pulpit: a guide to effective sermon delivery.** Grand Rapids: Baker Book House.

Van der Merwe SJ 1987. **Missiologiese beoordeling van dramatisering van Bybelse stof as Sendingmetode.** Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.B verhandeling)

Van Seters A 1988. **Preaching as a social act. Theology and practice.** Nashville: Abingdon Press

Van Zyl B 1987. **Verryking van die verkondiging met behulp van kunsvorme.** Pretoria: UNISA (M Verhandeling)

Vos CJA, 1995. **Die blye tyding**. Sigma Pers: Pretoria.

Vos CJA & Pieterse HJC 1997. **Hoe lieflik is u woning.** Pretoria: RGN

Wessels F 1998. Kuns en geloof is vennote. **Die Kerkbode**. Julie 1998:11.

Wolters BJ 1977. **Creatief Denken.** Groningen: Wolters Noordhof.